



# LEESGIDS

**Troula Goosen**

## YouTube video's

Historiese agtergrond: https://youtu.be/5NqTov45Ogo
Inleiding: Biografiese inligting van skrywer e.a: https://youtu.be/bW49SlTwSX8
Karakterisering: https://youtu.be/0-KRF-VLOB8
Vertellersperspektief: https://youtu.be/BaRSVQe2mvA
Milieu: https://youtu.be/ryk6O5LQXaI
Intrige: https://youtu.be/w2x3T1NYmBg

## Inhoudsopgawe


Voorwoord

**Pre-lees**

Historiese agtergrond: https://youtu.be/w2x3T1NYmBg

Genre

Biografiese inligting van die skrywer

Die boek se omslag

Opsomming van die roman

Elemente in die bou van ’n roman:

- Karakterisering (video)
- Milieu (ruimte en tyd) (video)
- Vertellersperspektief (video)
- Intrige (video)
- Die fases van die intrige
- Konflik
- Styl
- Temas en die morele les

**Post-lees**

Kort opsommings van elke hoofstuk mét woordverklarings en kontekstuele vrae

Antwoorde op kontekstuele vrae

## Voorwoord

Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Hoewel die gids geskryf is met Graad 7 Huistaal as hooffokus, is dit ook bruikbaar as ’n gids vir ouer leerders – veral Graad 8 en 9 Eerste Addisionele Taal – omdat dit ’n eenvoudige manier bied waarop die wêreld van die letterkunde vir leerders in hierdie grade ontsluit kan word.

Die doel van die gids is om die onderwyser se taak te vergemaklik en die lees van die roman in ’n opwindende avontuur vir die leerders te omskep. Nie net bestudeer hulle speel-speel ’n roman, en maak in die verbygaan kennis met interessante fasette van ons geskiedenis nie, maar dit bied ook ruimte om aan te sluit by aktuele onderwerpe soos **boeliegedrag** en **menseroof/-handel**. Die hooftema van die verhaal, **integriteit**, asook die maak van die **regte keuses** is belangrike lewensvaardighede wat deur die roman belig word.

Die gids begin met toepaslike historiese agtergrond. Die doel is om die leser voor te berei vir die milieu waarteen die verhaal afspeel sodat dit binne daardie konteks gelees kan word. Daar is enkele opmerkings oor genre gevolg deur biografiese inligting oor die skrywer. Daarna word die omslag aan die hand van vrae bespreek. As verdere inleiding tot die lees van die boek volg ’n opsomming van die roman. Dit behoort as ’n goeie grondslag te dien tot die lees van die boek.

Dan volg ’n bespreking van die elemente waaruit ’n roman opgemaak word. Teksverwysings word gegee sodat die onderwyser vir leerders konkrete voorbeelde van hierdie elemente uit die teks kan gee.

Daarna word die verhaalgegewe hoofstuk vir hoofstuk opgesom, gevolg deur woordverklarings en kontekstuele vrae ten einde te verseker dat die leerder snap wat pas gelees is. Ná hierdie uiteensetting word die antwoorde op die kontekstuele vrae verskaf. Omrede hierdie teks ’n historiese agtergrond het, is daar waarskynlik heelwat woorde wat vir die hedendaagse jong leser onbekend sal wees; vandaar die woordverklarings wat op elke hoofstuk se opsomming volg.

Ek hoop dat u die gids nuttig sal vind. Lekker lees!

Troula Goosen

## PRE-LEES

## Historiese agtergrond

https://youtu.be/w2x3T1NYmBg

*Raaiselsee* vat die leser op ’n tydreis 200 jaar terug in die verlede. Verbeel jou: Dit is om en by die jaar 1840. Mense se kleredrag en haarstyle het anders gelyk. Rytuie soos kapkarre, treppies en bokwaens se wiele het stof uit die grondpaaie en -strate geskop. Seilskepe het in die hawens anker gegooi. Sommige van hierdie skepe het die slagoffers geword van die Kaap van Storms en het langs die kus vergaan.

**Over’t Berg**

*Raaiselsee* speel af in die Strandveld naby Walkerbaai. Hierdie gebied is geleë op die kuslyn van ’n wonderlike streek in ons land: die **Overberg**. Die Hollanders het die streek **Overt’ Berg** genoem omdat ’n mens oor die Hottentots-Hollandberge moes reis as jy dit van Kaapstad af wou bereik. In die Noorde word die Overberg deur die Sonderendberge omsoom en in die ooste deur die Breederivier. In die suide is daar die Atlantiese en Indiese oseane wat by Kaap Agulhas, die mees suidelike punt in Afrika, bymekaarkom.




Vroeër jare moes die mense met ossewaens oor die Franschhoek-pas gaan om die Overberg te bereik. In 1828 is **Sir Lowry’s pas** oor die Hottentots-Holland berge gebou. Die roete waarlangs dié pas loop is eeue lank reeds deur die Khoi herders gebruik. Hulle het dit **Gantouw of T’kana Ouwe** genoem. Vandag is die Overberg maklik bereikbaar en kan jy jou verlustig in die ongelooflike natuurskoon: unieke fynbos, indrukwekkende berge, rotsagtige kus en lang wit strande. Koring, ganola, wingerde en vrugte word in die streek verbou.

**Die mense van lank, lank gelede**

Wanneer ’n mens deesdae in die omgewing van Walkerbaai kom, kan jy jou skaars indink dat daar meer as 80 000 jaar gelede, in die **steentydperk**, oerbewoners in die **Klipgatgrotte** in die rotsagtige kuslyn by De Kelders gebly het. Daardie tyd was die tipografie van die streek egter anders en was die grotte nie direk op die kuslyn soos vandag nie.
https://www.cradleofhumanculture.co.za/places/southern-cape/klipgat-cave-de-kelders

Nog bewyse van prehistoriese bewoners is **San-rotstekeninge** wat o.a. by Stanford en De Hoop voorkom. Die San was hoofsaaklik **jagters** wat met pyl en boog gejag het.




Vir meer as 2000 jaar was die gebied ook die tuiste van die **Khoi** – **nomadiese veewagters** wat met skape en beeste geboer het. Toe Jan van Riebeeck die area besoek het, het hy by Baardskeerdersbos kennis gemaak met die **Chainouqua- stam**. Die setlaars het met hulle handelgedryf deur produkte soos krale, koper en tabak te ruil vir vee. Die eerste blanke setlaars het hulle in die agtiende eeu in die streek gevestig. Die eerste sendingstasie, **Genadendal**, is in 1738 gevestig. Genadendal is pragtig gerestoureer is beslis ’n besoek werd. Nog ’n interessante besienswaardigheid is die **oudste vuurtoring by Kaap Agulhas**. In 1811 is die eerste vissermanshuisie in die melkhoutwoud rondom **Stanfordbaai** gebou. Dit is naby waar Gansbaai vandag is en ’n deel van ons storie speel daar af.

**Skeepswrakke**




Eeue lank reeds het seevaarders die kuslyn van die “Donker Vasteland”, Afrika, met hul seilskepe verken. Die Fenisiërs was die eerste en na hulle het die Portugese, die Hollanders en die Spanjaarde gekom. Hoeveel van hierdie vroeë skepe teen die verraderlike riwwe van die kus gestrand het, sal ons nooit weet nie, maar in die sewentigerjare het twee broers op die skild van ’n Spaanse soldaat in die water naby Dyer-eiland afgekom. Deur die eeue het baie skepe aan die gevaarlike kus vergaan. Ongeveer 140 is aangeteken waarvan die **H.M.T. Birkenhead** wat in 1852 op die rotse geloop het seker die bekendste is. Sommige van die **skipbreukelinge** het hulle in die omgewing gevestig. So het hulle die kultuur van die omgewing beïnvloed en hul stempel gelaat op die gebruike, boustyle, taal en tradisies van die Strandveld.




**Legendes van die streek**

'n Legende is 'n storie wat mondelings oorvertel is.

Een van die spokerige Suid-Afrikaanse legendes is dié van die **Vlieënde Hollander**, 'n storie wat met die Strandveld verbind word. Blykbaar word hierdie "spookskip" gereeld in die omtrek gewaar.

**Simonstad**

Simonstad, waar *Raaiselsee* begin, is aan die kus van **Valsbaai** geleë. Die dorp is vernoem na Simon van der Stel, 'n voormalige goewerneur aan die Kaap. Omdat dit meer beskut was teen die stormsterk noordwestewinde as Kaapstad se hawe het die VOC se skepe vanaf 1743 in die winter daar vasgemeer. 'n Klein garnisoen is gestasioneer en 'n hospitaal en barakke is opgerig. Teen 1810 was daar 'n walvisstasie en ongeveer 40 huise van Kapenaars wat in die somer op Simonstad kom vakansie hou het. Teen die einde van die 18e eeu het Simonstad vanuit 'n **militêre oogpunt** belangrik geword en in 1806 is dit vir die tweede keer deur Brittanje beset. In 1814 is Simonstad in 'n vlootbasis verander en 'n hawe is opgerig. **Simonstad is vandag nog die basis van die Suid-Afrikaanse vloot.**



**Slawerny**

Stel jou voor dat jy na 'n mark kan gaan en daar vir jou 'n *mens* koop! Ongelooflik soos dit klink was daar wel so 'n tyd. Gegoede mense kon slawe besit wat vir hulle moes werk en met wie hulle kon maak nes hulle wil. Tot skaars twee honderd jaar gelede was **slawerny** 'n doodgewone gebruik dwarsoor die wêreld en ook deel van Suid-Afrika se vroeë koloniale geskiedenis.



Jan van Riebeeck het slawe bo inheemse werkers verkies en het sedert 1653 slawe veral vanuit die Ooste en ander Afrika-lande ingevoer. Al die slawe wat nie deur die Kompanjie (Nederlandse regering in Suid-Afrika) gebruik is nie, is op 'n publieke veiling vir die hoogste bod verkoop. Dit was vir die koper belangrik dat die slaaf jonk en sterk moet wees. Daar is ook vroue verkoop en sommige het nooit weer hulle kinders gesien nie. Slawe was verplig om enige werk wat aan hul opgedra word, uit te voer in ruil vir

kos en klere. Hulle is baie swaar gestraf indien hulle nie die reëls nagekom het nie of weggeloop het.

Na die tweede Britse besetting in 1806 is die invoer van slawe van ander lande verbied. Die Britse vloot, wat in Simonstad gestasioneer was, het ’n belangrike rol gespeel om skepe wat slawe onwettig vervoer het, op te spoor. Van die bevryde slawe is na Simonstad gebring waar hulle hulle gevestig het.

Na 1806 was daar egter steeds slawe in Suid-Afrika. Die slawe se lewensomstandighede het geleidelik verander, want baie het getrou en hul eie kinders gehad. In 1838 was slawerny in Suid-Afrika heeltemal verbode.

**Vandag gebeur slawehandel nog steeds in die vorm van mensehandel.**

## Genre

https://youtu.be/bW49SlTwSX8

Vandag gaan jy met ’n opwindende avontuur begin: Jy gaan ’n **roman** lees!

Stories word op verskillende maniere vertel. So kry ons bv. dramas, kortverhale, en novelles of romans. Dié verskillende soorte stories word **genres** genoem.

*Raaiselsee*, die boek wat jy gaan bestudeer, is ’n **roman.** Die uitgewer beskryf dit as ’n spannende historiese jeugroman wat tegelykertyd fantasie-, avontuur-, en spookverhaal is.

## Skrywer

Sonder skrywers sal daar nie boeke wees nie. Wanneer ons ’n boek oopmaak en begin lees, stap ons dus as’t ware in die skrywer se verbeeldingswêreld in.

Die skrywer van *Raaiselsee*, is **Troula Goosen**.




Troula het op verskillende dorpe in die Wes-Kaap grootgeword, en het op Ceres gematrikuleer. Sy wou van kleintyd af stories skryf. Na matriek het sy Drama en Biblioteekkunde op Stellenbosch studeer, maar toe sy met ’n predikant trou, het haar lewe ander draaie geloop. Later het sy as besigheidsvrou en binneversierder gewerk. Toe sy en haar man, Chris, aftree, het sy egter haar ou jeugdroom afgestof en begin skryf.

Haar eerste publikasies was kortverhale en novelles vir opvoedkundige uitgewers (Via Afrika en Oxford University Press). In 2016 is *Spooksoene* (2015: Protea Boekhuis), haar eerste vollengte jeugverhaal, met ’n ATKV-Woordveertjie bekroon. Daarna volg *Maanlig-Meermin* (2017: Tafelberg Uitgewers) en *Raaiselklip* (2018:

Human & Rousseau). *Raaiselster* (2019: Human & Rousseau) is dus die tweede aflewering in die reeks "Raaiselstories" – boeke wat van die leser vereis om eers 'n raaisel op te los. Die derde boek in die reeks, *Raaiselsee*, verskyn in 2020.
Sy is die ouma van drie kleinseuns en het *Raaiselsee* op Bettysbaai geskryf.

Gaan kyk gerus na die skrywer se bladsy op sosiale media:
www.facebook.com/Troulaskrywer

**Die boek se omslag**




**Het jy geweet?**

Die boek se voorblad moet treffend wees. So ook die titel. Baie mense sal kies om die boek te lees net omdat die omslag vir hulle mooi is. Die omslag moet jou nuuskierig maak oor die boek en dit moet jou lus maak om die boek te lees.

Die illustrasies of foto's wat op omslae gebruik word, kom gewoonlik van foto-databasisse of word deur 'n fotograaf geneem. Die ontwerp van 'n goeie omslag is 'n hoogs gespesialiseerde beroep en word gewoonlik deur 'n grafiese ontwerper gedoen. As ons kyk na die kolofoninligting binne-in die boek waar die publikasie-inligting gegee word, sien ons dat die omslagfoto van Shutterstock is en dat die omslagontwerp deur Flame Design, Kaapstad, gedoen is.

## Vrae

Wat dink jy van die omslag en wat vertel dit jou van die storie wat jy gaan lees? Gee jou eerlike mening aan die hand van die volgende vrae:

**Voorplat (voorkant van 'n boekomslag):**

1. Wie is die boek se outeur (skrywer) en wat is die boek se titel (naam)?
2. Die titel verwys na 'n see. Maar wat is anders aan dié see?
3. Wat is 'n raaisel?
4. Op die sand agter die meisie kan ons 'n dier sien. Watter dier is dit?
5. Watter gevoel ervaar jy wanneer na hierdie dier kyk?
6. Die lettertipe (font) waarmee die titel geskryf is, lyk anders as die gewone. Hoekom dink jy het die uitgewer dié lettertipe gekies? Kan jy aan nog voorbeelde van titels dink wat jy met so 'n lettertipe sou kon skryf?
7. Bestudeer die lokteks:
   "'n Grypdief . . . 'n moeilike meisiekind . . . en 'n geheimsinnige seevrou wat spook op Skulpiesbaai se strand."
   a) Verduidelik wat 'n grypdief is.
   b) Lyk die meisie op die foto vir jou moeilik? Hoekom sê jy so?
   c) Hoe voel jy as jy lees van 'n seevrou wat op die strand spook? Waar dink jy kom sy vandaan?
8. As jy na die meisie op die foto kyk, hoe sal jy haar gemoedstoestand beskryf?
9. Kan jy twee goed op hierdie omslag raaksien wat jou laat dink dat ons hier met 'n baie ou storie te make het, iets wat lank gelede plaasgevind het?
10. Hoekom dink jy is die strand se naam "Skulpiestrand?"

**Bestudeer die rugkant (die "spine" in Engels) van die boek en bespreek dan die volgende vrae daaroor:**

1. Wat beteken die klein illustrasie/logo (H&R) op die rug? (Dit verskyn ook op die boek se agterblad.)
2. Hoekom dink jy is die titel en die skrywer se naam so duidelik op die rug gedruk?
3. Dink jy die donkerblou agtergrond en die wrak op die strand werk goed? Motiveer jou antwoord.

**Bestudeer nou die boek se agterblad en bespreek dan die volgende vrae daaroor:**

1. Wat is die werk van die outeur in die skep van 'n roman?
2. Wie is die uitgewer van die boek?
3. Waar kan jy meer te wete kom oor die uitgewer se jeugfiksie?
4. Wat is die werk van die uitgewer in die skep van 'n roman? (Voorstel: Doen vir die pret bietjie navorsing oor hoe 'n boek gemaak word.)
5. Wat is die doel van die strepieskode (barcode) en waarom staan die woord "Jeugfiksie" bo die kode?
6. Wat is die doel van die lokteks (beskrywing) op die agterblad?
7. Die lokteks op die agterblad moet 'n leser lus maak om die boek te lees. Dink jy hierdie lokteks slaag daarin? Waarom sê jy so?

8. Onderaan hierdie lokteks is daar ’n afbeelding van die skrywer se vorige boeke. Wat is die funksie daarvan?
9. As ons *Raaiselklip, Raaiselster* en *Raaiselsee* se omslae langs mekaar sit, is dit interessant om te sien hoeveel dinge dieselfde is. Hoekom dink jy is dit so? Noem alles wat ooreenstem.
10. As jy, deur net na die omslag te kyk, moet besluit of jy lus is om die boek te lees, sal jy dit doen? Motiveer jou mening.

**Agter die skerms**

**Hoe begin ’n storie?**
Elke storie begin met ’n **idee** en idees is orals om ons**.** Die **inspirasie** vir *Raaiselsee* kom van die Strandveld-streek – Stanford, Stanfordsbaai en die Gansbaai-omgewing – met sy grotte en geskiedenis van skeepswrakke. As jong student het die skrywer dikwels op Stanfordsbaai in haar ouers se strandhuis gaan kuier en die mooi herinneringe het haar geïnspireer om oor die streek te skryf.

**Navorsing:**
In die meeste gevalle het ‘n skrywer **agtergrondskennis** nodig om die storie te kan skryf. Sy moet dus **navorsing** doen.

*Raaiselsee* speel rondom **1840** in die **Strandveld** af. Die skrywer moes dus navorsing doen oor die **omgewing** en die **geskiedenis** van daardie tyd. So het sy ontdek dat Robert Stanford destyds die eienaar was van die plaas Kleinriviervallei (die dorp Stanford is later op die grond aangelê). Hy was uiters suksesvol omdat hy sy produkte met ‘n klein skippie van die nabygeleë Stanfordsbaai na Simonstad vervoer het, i.p.v. met togwaens oor die Gantouwpas (vandag Sit Lowry’s pas) oor die Hottentots-Hollandberge.
Die storie gaan ook oor **slawehandel,** iets wat voor 1838 reeds onwettig was, maar vandag nog voorkom as **mensehandel**. Die skrywer moes weet watter rol slawerny in ons land se geskiedenis gespeel het.
Alhoewel die **skeepswrak** in die storie fiktief is, sluit *Raaiselsee* aan by die ryk geskiedenis van skeepswrakke wat aan daardie deel van ons kuslyn begrawe is. Ook daaroor moes die skrywer navorsing doen.
Die inligting wat die skrywer navors, word in die storie verweef om dit in ’n opwindende avontuur vir die leser te omskep.

Nou is dit tyd om die boek oop te maak en te begin lees . . .

**Opsomming van die roman**

Daniel is 14 jaar oud en woon by oom Faan, en dié se versukkelde vrou, ant Luitjie in Simonstad. Oom Faan is ’n suiplap wat Daniel mishandel en hom dwing om te steel. Daniel se pa was ’n skeepsdokter. Die skip waarop hy diens gedoen het, het vier jaar gelede vergaan, maar Daniel onthou hom as ’n held en wil sy lewe verander sodat sy pa trots op hom sou wees.

Die storie begin op ’n somersoggend. Daniel weier om te gaan sakke rol. Oom Faan beskuldig hom dat hy ’n skelm is, nes sy pa. Vir die eerste keer vertel hy vir Daniel dat sy pa teregstel is omdat hy juwele geroof het.

Verpletter storm Daniel by die huis uit. Saam met sy vriend, William, dwaal hy na die hawegebied. ’n Klein skippie gooi anker. Werkers skarrel rond om groentekratte af te laai, en ’n deftig geklede man, vergesel van twee meisies, stap aan wal. Die een meisie, ’n donkerkop, is in ’n rolstoel wat deur ’n skaam diensmeisie gestoot word. Die deftige man spreek die donkerkop aan as Caitlin en die diensmeisie as Gertjie. Op haar beurt noem die donkerkop hom oom Robert.

Dadelik sien Daniel die pêrelhangertjie om Caitlin nek raak. Dit sal  genoeg geld inbring om hom te help om ’n nuwe lewe te begin.

Teen sy beterwete steel Daniel die hangertjie, maar daardie nag kan hy nie slaap nie en besluit om sy fout reg te maak. Douvoordag haas hy hom terug na die kaai. Hy kruip in ’n leë groentekrat weg terwyl hy wag dat Robert Stanford en die meisies moet opdaag sodat hy die hangertjie kan teruggee. Hy raak aan die slaap en toe hy wakker word, wieg hy op die oopsee rond.

Die skip gooi anker by Skulpiesbaai (die huidige Stanfordsbaai) en Daniel word uitgevang. Caitlin ontmasker hom as die dief wat haar hangertjie gesteel het. Robert Stanford wil hom laat afransel, maar toe Daniel na die hangertjie om Caitlin se nek kyk, pols ’n vreemde krag deur sy lyf. Hy ruk los en vlug, maar tuimel oor ‘n afgrond en verloor sy bewussyn.

Toe hy wakker word, is daar die geur van lotusblomme en die donker silhoeët van ’n wolf wat teen die lig afgeteken staan.

Wanneer hy weer bykom, lê hy op die strand. ’n Entjie verder is ‘n bruin seun besig is om vis oor die kole te braai. Só maak hy kennis met Malgas. Malgas is 16 jaar oud en ’n visser wat in ’n kliphuis teen die rand agter die melkhoutbos by Skulpiesbaai woon. Nadat Daniel hom vertel het wat gebeur het, nooi Malgas Daniel om by hom te kom bly tot hy besluit het wat om te doen. Hy waarsku Daniel egter om uit die kwaai Caitlin se pad te bly anders gaan albei van hulle in groot moeilikheid beland.

Die volgende oggend toe Daniel wakker word, is Malgas reeds uit op die viswaters. Daniel dwaal strand toe waar hy die voetspore van ’n wolf in die sand gewaar. Hy volg die spore en loop ’n ou vrou raak wat ’n kruiebossie in sy hande stop. Sy vertel hom dat hy dit sal nodig kry vir pyn.

Terug by Malgas se huis vra hy sy nuwe vriend uit oor die ou vrou. Eers wil Malgas nie praat nie, maar later vertel hy dat die vrou se naam Zara is en dat sy 'n strandwolf het. Hy het haar egter nog nooit self gesien nie. Daniel besluit om na Zara te gaan soek, en Malgas sit hom agterna.

Naby die kranse hoor hulle iemand om hulp roep. Hulle kom op Gertjie en die Caitlin af waar die rolstoel oor die gevaarlike afgrond gestort het. Daniel red die meisies en hulle dra die bewustelose Caitlin na Malgas se huis. Malgas gaan uit om 'n donkiekar te leen waarmee hulle die donkerkop kan terugneem na haar oom se plaas, maar voor hy vertrek, waarsku hy Daniel om versigtig te wees sodat Caitlin hom nie sien nie.

Terwyl hulle wag, vertel Gertjie vir Daniel dat Caitlin see toe wou kom om te skilder. Sy vertel ook dat die donkerkop Robert Stanford se susterskind is, dat haar ma dood is en dat sy in 'n ongeluk met 'n perd beseer is. Na al die tragedies het Caitlin gemeen en afknouerig geraak. Dit val Daniel by van die kruiebossie wat hy by Zara gekry het. Hulle maak 'n pap van die blare en Gertjie smeer dit aan Caitlin se wond. Malgas kom terug en dra die donkerkop na die donkiekar, maar voor hulle by die deur uitstap, kom sy by en herken vir Daniel.

Doodbang kruip Daniel in die bos weg terwyl hy wag dat Malgas terugkom. Die feit dat Caitlin hom herken het, plaas hulle albei in gevaar. Terwyl hy wag, verbeel hy hom hy sien die strandwolf en volg die dier tot in 'n grot waar hy vir Zara aantref. Uit die ou vrou se gebrabbel lei hy af sy het sy pa geken, maar toe hy haar uitvra, verdwyn sy en die wolf voor sy oë.

Op pad terug na Malgas se huis kom Daniel op Caitlin se sketsboek af waar sy dit die vorige dag verloor het. Hy tref die vissershuis leeg aan en besef sy vriend het oor hom in die moeilikheid beland. Hy besluit om na die boer se plaas te gaan om Malgas te help en kry 'n geleentheid met 'n perdewa. Op Kleinriviervallei gekom, beskuldig Caitlin hom dat hy haar sketsboek gesteel het, en word hy saam met Malgas in die skuur toegesluit.

Gertjie stel egter hulle saak by Robert Stanford en die boer laat hulle vry op voorwaarde dat Daniel op die plaas bly om Gertjie met Caitlin se rolstoel te help. Die volgende oggend dwing Caitlin hom om haar na die begraafplaas te stoot. By haar ma se graf vertel sy hom dat die Seevrou haar ma gevat het. Sy begin huil en Daniel dra haar terug huis toe. Toe hy haar op haar bed neersit, smeek sy dat hy haar moet help anders gaan die seevrou haar ook doodmaak.

Terwyl Caitlin slaap, dwaal Daniel rond en kom af op Caitlin se skilderye. Alles is net swart doeke, maar tog voel dit vir hom asof daar iets onder die verf is wat roep om uit te kom. Robert Stanford ontbied hom. Hy het opgemerk dat Daniel 'n goeie invloed op Caitlin het en vra hom om op die plaas te bly. Daniel stem in en toe Caitlin daarop aandring dat hy haar na die perdestalle vat, doen hy dit. Daar gekom reageer Caitlin se merrie, Storm, heftig en Daniel vat die ontstelde meisie terug huis toe.

Daardie nag het hy 'n vreemde droom en hy besef dat Zara die enigste een is wat hom kan help om die geheim van die Seevrou te ontrafel. Hy gaan terug na Malgas se huis en loop strand toe om Zara se soek. Daar gekom, is dit asof hy sy pa se stem hoor. Die volgende dag gaan duik hy en kom op 'n afgryslike wrak vol doodsbeendere in Skulpiesbaai af. Is een van die geraamtes dalk sy pa?

Intussen het Caitlin en Gertjie toestemming verkry om op Skulpiesbaai te kom piekniek hou en Caitlin beland op ’n onverklaarbare manier in die see.

Daniel red haar, maar sy soebat hom om haar weer see toe te vat. Op die stand gekom, sien hulle ’n verskriklike verskynsel: ’n beeldskone vrou met ’n gat op die plek waar haar hart moet wees. Die vrou verander in ’n geraamte wat Caitlin wil verskeur. Daniel besef dat Caitlin se hangertjie waarskynlik aan die Seevrou behoort, en dat sy dit wil terughê - daarom al die vreemde gebeure. Cailtlin beskuldig hom egter daarvan dat hy dit wil steel.

Daniel bly alleen op die strand agter, en kom af op Zara en die strandwolf. Beelde verskyn in die vlamme in Zara se handpalms en dit vertel die storie van wat met sy pa gebeur het:

*Daniel se pa was skeepsdokter op ‘n skip wat slawe uit die Ooste gesmokkel het. Op die skip was Siti, ‘n beeldskone oosterse prinses. Geskok het Daniel se pa gesien hoe sy van haar juwele gestroop en verneder is. Uiteindelik is sy van hartseer en skaamte dood. Daniel se pa het sy lewe gewaag, haar juwele uit die kaptein se kluis gesteel en haar daarmee versier. Toe het hy haar lyk in ‘n seil toegerol en haar oorboord gegooi. Hy is gevang en wreed tereggestel. Net daarna het ‘n storm opgesteek en het die skip in Skulpiesbaai op die rotse geloop. Zara, Siti se oppasser, het oorleef en in die grotte geskuil vanwaar sy en haar strandwolf hul meesteres se watergraf opgepas het.*

Siti se hangertjie het uitgespoel en is deur ‘n strandjutter gebuit wat dit aan Caitlin se ma verkwansel het.

Daniel besef dat Siti haar hangetjie soek en dat hy nie ’n keuse het nie: nes sy pa, moet hy die regte ding doen, selfs al beteken dit hy gaan alles verloor. Hy besluit om die hangertjie by Caitlin te steel en dit aan Siti terug te gee.

Caitlin betrap hom egter. Tot sy verbasing gaan sy saam met hom en hulle gee Siti se hangertjie terug.

*Raaiselsee* eindig hoopvol. Caitlin kan weer loop en ’n dankbare Robert Stanford bied aan om Daniel met sy studies te help. Intussen gaan hy op Kleinriviervallei woon en sommer nog baie van Caitlin sien. Gertjie, wat verlief geraak het op Daniel, besef dat daar niks van sal kom nie en Malgas is verheug om te hoor dat sy hom ’n kans sal gee. Vir al vier kinders wink ’n nuwe toekoms.

# Elemente in die bou van ’n roman

Geluk! Jy het ’n historiese jeugroman gelees. Nou gaan ons *Raaiselsee* van naderby bestudeer. Heel eerste gaan ons kyk na die elemente waaruit ’n roman opgebou word.

**Wat geniet jy die meeste in ’n storie?**

- Interessante karakters, elkeen met sy eie persoonlikheid en agenda? ’n Hoofkarakter wat probleme het, maar van wie jy so baie hou dat jy die avontuur saam met hom/haar wil beleef? Vriende wat hom/haar help en die bose of gemene skurk wat keer dat hy/sy slaag?
- ’n Lekker plek – geheimsinnig, spokerig, romanties, eksoties – waar daar sommer baie dinge kan gebeur?
- Opwindende avonture? Die hoofkarakter het ’n probleem of daar is iets wat hy/sy baie graag wil hê, maar die teenstander steek ’n stokkie daarvoor. Hoe swaarder die karakters kry, en hoe slegter sake lyk, hoe lekkerder is die storie, nie waar nie?
- Na vele avonture los die hoofkarakter en sy/haar vriende die probleem op. Dankie tog, net betyds!
- ’n Einde wat maak dat jy die boek met ’n tevrede glimlag neersit?

## Karakters en karakterisering https://youtu.be/3rxbvckWtVI

Karakters is die mense wat in die verhaal voorkom.
Ons leer ’n karakter ken deur wat hy/sy doen, dink en sê en ook deur wat ander karakters van hom/haar dink en sê en hoe hulle teen hom/haar optree.

Wanneer ’n karakter nuwe insig kry en/of as mens ontwikkel, sê ons dat die karakter groei.

**Tipes karakters:**

**1. Protagonis**
Die protagonis of (hoofkarakter) is die karakter waaroor die verhaal gaan. Die storie handel oor iets belangriks wat in sy/haar lewe gebeur.

Omdat die leser hierdie karakter goed leer ken, moet hy of sy oor eienskappe beskik – goed sowel as sleg – wat hom soos ’n regte mens laat voel, iemand vir wie die leser genoeg omgee (en dus **empatie** mee het) om te wil weet wat met hom gaan gebeur.

In die geval van *Raaiselsee* is die hoofkarakter **Daniel**. Daniel besluit dat hy nie meer na sy dronklap oom se pype gaan dans en te steel nie. Soos die storie ontvou, leer ons hom goed ken. Sy karakter is **driedimensioneel** (veelkantig) omdat ons die heeltyd weet wat hy dink en hoekom hy doen wat hy besluit het. Omdat ons die storie deur sy oë beleef, weet ons van sy drome, onsekerheid, braafheid en lojaliteit teenoor ander mense.

**2. Antagonis**

Teenoor die hoofkarakter of protagonis vind ons die opponent, oftewel **antagonis**. Dit is gewoonlik die skurk in die verhaal.

Die hoofkarakter se lewe of drome hang daarvan af dat hy suksesvol is en die antagonis is die persoon of idee wat keer dat dit gebeur. Die teenstander moet ook ’n sterk karakter wees, iets of iemand wat die hoofkarakter tot die uiterste sal toets. In dié proses ontstaan **konflik** en dit skep daardie naelbyt spanning wat maak dat die leser nie kan wag om om te blaai nie.

Enige karakter wat die hoofkarakter opponeer, is ’n antagonis. Daar kan dus meer as een antagonis in die storie wees.

In *Raaiselsee* is die geheimsinnige **Seevrou** die hoofantagonis. Die hoofkarakter, Daniel, moet die raaisel oplos deur uit te vind wie of wat sy werklik is. So ontstaan daar konflik. Teen die einde hang Daniel en Caitlin se lewens daarvan af dat hy slaag.

**3. Newekarakters**
Die ander karakters in die storie word **bykarakters** of **newekarakters** genoem.
Die hoofkarakter het **vriende**, familie en soms ander **helpers** wat hom bystaan. Hierdie karakters speel ’n belangrike rol omdat hulle ’n direkte invloed op die hoofkarakter het en dus op hoe die storie ontvou. Gewoonlik is hulle **tweedimensionele** of **plat karakters**. **Bykarakters i**n *Raaiselsee* is die moeilike **Caitlin**, Daniel se vriende **Malgas en Gertjie**, die boer **Robert Stanford** en **Zara** en haar **strandwolf**.

**4. Randfigure**
Daar kan ook **randfigure** wees – dit is bykomende karakters wat bloot toevallig teenwoordig is en daarom meestal **eendimensioneel** (stereotipies) of **plat** is. Hulle speel nie ’n belangrike rol nie, daarom leer die leser hulle nie goed ken nie.

Randfigure in *Raaiselsee* is **oom Faan** en **ant Luitjie**, **William** en sy gesin, **Koot** en sy helpers en Gertjie se ma, ant **Sara**.

## Kom ons bekyk ’n paar van R*aaiselsee* se karakters van naby:

**Daniel** is die hoofkarakter in die storie. Die leser ontmoet hom waar hy op pad is om vir sy oom en tante te vertel dat hy nie meer gaan steel om die pot aan die kook te hou nie. Ons kom agter dat sy pa voor sy dood ’n skeepsdokter was en dat Daniel sy lewe wil verander sodat sy pa op hom trots sou wees.

As hoofkarakter is Daniel orals waar daar konflik is. Hierdie konflik kan **innerlik** (in die karakter se kop) of **uiterlik** (stryd tussen karakters) wees.

Aan die begin van die storie ervaar Daniel **innerlike konflik** wanneer hy die lewe waarvoor hy hom skaam, wil agterlaat. Hierdie konflik word erger wanneer hy voor die versoeking swig en Caitlin se hangertjie steel. Verwyt vreet hom op en hy besluit om sy fout reg te maak, al is dit gevaarlik. Toe die giftige Caitlin hom in Robert Stanford se groentekrat betrap, verander sy innerlike konflik na **uiterlike konflik**. Daniel se **uiterlike konflik** neem algaande toe wanneer hy op Skulpiesbaai beland en met Zara kennis maak. Daarna kom hy op die plaas Kleinriviervallei uit waar hy Caitlin in haar rolstoel moet rondstoot en deur raaiselagtige gebeure meegesleur word.

Ons het reeds gesien dat karakters **groei of ontwikkel** wanneer hulle nuwe insigte kry of as mense ontwikkel. Die konflik in die storie stel hulle voor uitdagings wat hul persoonlikhede of karakters toets en hulle dwing om hul vaardighede te ontwikkel. Hierdie emosionele groei en/of **ontwikkeling** hou die leser enduit aan die lees omdat hy/sy wil weet wat van die hoofkarakter (en sy vriende) gaan word.

In *Raaiselsee* leer ons Daniel ken as ’n weeskind wat deur Simonstad se mense as ’n dief gebrandmerk is. Hy wil sy lewe verander en konfronteer sy oom, waarop dié hom in uit die huis skop. Eensklaps is hy heeltemal sonder heenkome. Dit maak hom onseker en bang, maar soos die storie ontvou, vermeerder sy selfvertroue en begin hy homself verdedig en leiding neem. Uiteindelik sien hy kans om die Seevrou te konfronteer en selfs sy liefde vir Caitlin op die spel te plaas in ’n poging om te doen wat hy glo reg is. Hy pak ’n nuwe toekoms aan waarin hy nie net sy drome wil verwesenlik nie, maar ook vir sy versukkelde oom en tante wil sorg.

Naas Daniel as hoofkarakter is daar vier **belangrike newekarakters**:

- **Caitlin, die meisie wat op die voorblad afgebeeld word.** Ons leer haar ken as die ryk boer, Robert Stanford, se giftige niggie. Sy is in ’n rolstoel na ’n ongeluk met ’n perd en gaan uit haar pad om die lewe vir Daniel moeilik te maak. In die begin kom sy as ’n antagonis oor, maar soos die storie ontplooi, skemer haar kwesbare kant deur en raak Daniel verlief op haar. Caitlin as newekarakter speel ’n belangrike rol omdat die raaisel in die storie verband hou met die pêrelhangertjie wat haar ma by ’n strandjutter gekry het. Caitlin se **innerlike konflik** sentreer rondom haar hartseer en skuldgevoelens oor haar ma se dood. Haar **uiterlike konflik** hou verband met haar vrees dat die Seevrou haar gaan doodmaak. Haar emosionele groei is dat sy aan die einde van die verhaal bereid is om haar kosbaarste besitting, haar hangertjie, prys te gee om saam met Daniel te doen wat reg is.
- **Gertjie**, die diensmeisie met die sagte hart wat verlief raak op Daniel, maar bereid is om terug te staan vir Caitlin. Haar rol in die storie is die van ’n “helper”. Omdat sy Cailin verstaan en haar agtergrond ken, beskik sy oor inligting wat Daniel help om die geheim te ontrafel.
- **Malgas** is ook ’n belangrike newekarakter. Die flukse visserseun gee aan Daniel skuiling en sy huis naby Skulpiesbaai is die plek waar belangrike dinge gebeur.

Ander **newekarakters** wat in dié kategorie val, is **Robert Stanford**, Caitlin se oom en die eienaar van Kleinriviervallei, asook die geheimsinnige **Zara en haar strandjutwolf.**




**Historiese karakters en fiktiewe karakters**

Alhoewel die skrywer alles wat met Robert Stanford in die storie gebeur uit haar duim gesuig het (en dit dus **fiksie** is), is hy ’n **historiese karakter** wat regtig geleef het. Hy was ’n Ier in die Britse weermag, maar het in 1838, toe hy 38 jaar oud was, met sy vrou na die Kaapkolonie verhuis. As boer was hy baie suksesvol en het later ses plase in die Overberg besit. Sy lewe het egter tragies geëindig – maar dit is ’n ander storie. Sy suster het wel drie kinders gehad wat hy na haar dood versorg het en waarvan twee dogters was. Caitlin se naam en haar karakter in *Raaiselsee* is egter pure verbeelding. Al die ander karakters in Raaiselsee is **fiktiewe karakters** wat deur die skrywer geskep is.

## Agter die skerms

Het jy geweet skrywers doen baie moeite om hulle karakters te “leer ken” voor hulle die storie begin skryf? Soms soek hulle selfs prente van hoe hulle hul die karakters voorstel.





Watter twee karakters in *Raaiselsee* word
deur die twee prente voorgestel? Hoe dink jy het Gertjie en Malgas gelyk? Soek prente wat hulle voorstel.

### Agter die skerms



Skrywers dink ook goed na oor die **name** van hulle karakters. **Malgas** se naam kom bv. van die bekende seevoël wat aan ons kus voorkom. In die vyftiende en sestiende eeu was die seeroete om die Kaap onbekend, maar wanneer die Portugese seevaarders die "manga velludo" (malgas) gewaar het, het hulle geweet die Kaap is naby. Hulle het die voël so genoem omdat sy wye vlerkspan met swart punte hulle laat dink het aan die wye flumeelmoue wat toe in die mode was. Die Hollanders, wat na die Portugese gekom het, het die voëls malleganse genoem omdat die wye vlerkspan hulle aan 'n mallemeule laat dink het. Waar die voëls duik ("steek"), is daar gewoonlik baie vis.
https://ebird.org/species/capgan1

## Milieu (ruimte en tyd) https://youtu.be/ryk6O5LQXaI

Die milieu is die **agtergrond** waarteen 'n verhaal afspeel. Dit gaan oor beide die **plek** en die **tyd** waarin die storie gebeur. Tyd sluit in die tyd van die dag, die seisoen, en ook watter jaar dit is. In *Raaiselsee* is dit veral belangrik omdat ons hier met 'n **historiese jeugroman** te doen het; iets wat betreklik ongewoon is. 'n Historiese roman is 'n verhaal wat 'n sekere tyd in die geskiedenis kies as agtergrond.

Die feit dat hierdie storie teen 'n historiese agtergrond afspeel, word reeds deur die boek se omslag vir ons voorgestel. Die meisie op die foto het 'n romantiese kantrokkie aan en die omslag wek dadelik die indruk van ouwêreldse swier. Die seilskip wat gestrand uitgespoel lê kan ook net uit 'n vorige eeu wees. Die vermoede dat hierdie storie nie in moderne tye afspeel nie, word deur die flapteks (beskrywing op die agterblad) bevestig wanneer ons lees van die wrak van 'n slaweskip.

Wanneer ons begin lees, kom ons agter dat die Simonstad, waar Daniel hom bevind, baie anders lyk as Simonstad soos wat ons dit vandag ken. Daar is bv. 'n seilskip op die see wat daarop dui dat dit voor die era van stoombote was. Ons lees van William se ouers wat slawe gebore is, maar nou vry is. Daaruit kan ons aflei dat die storie na 1838 afspeel.

*Raaiselsee* begin in Simonstad aan die Valsbaaise kus, verskuif dan na die Strandveldse kus waar ons vandag die dorpe Gansbaai, Stanfordsbaai en De Kelders kry. Tydens die tyd van ons storie het hierdie dorpe egter nog nie bestaan nie. Daarna beweeg ons saam met die hoofkarakter na die plaas Kleinriviervallei wat aan die Kleinrivier geleë is. Dit is op hierdie grond dat die dorp Stanford enkele jare later aangelê is.

Die storie gebeur in die somer. Ons lees dat dit warm is. Die suidoos wat waai is bv. 'n somerswind in die streek. Wanneer daar van die noordwes gepraat word, is dit weer 'n wind wat in die wintermaande vir gevaarlike storms verantwoordelik is.

## Het jy geweet?



So lyk dit naby De Kelders in die omgewing waar Daniel oor die krans gespring het om van sy agtervolgers weg te kom.

**Feit of verbeelding?**

**Vraag:** Het Robert Stanford se seilskip regtig in Skulpiesbaai anker gegooi?

**Antwoord**: Feit! Wel, soort van. Skulpiesbaai is eintlik die naam van ’n inham naby Stanfordsbaai en lg. is vanwaar Robert Stanford sy landbouprodukte na Simonstad vervoer het. Omdat Skulpiesbaai ’n mooier naam vir ’n storie is, het die skrywer haar “vryheid” gebruik en dit gekies as naam vir die baai. Dit is tussen De Kelders en Gansbaai geleë en ’n lieflike plek om piekniek te hou en om jou te verbeel jy hoor Daniel en Caitlin se stemme in die skadu’s van die melkhoutwoud wat vandag nog die baai omsoom.

**Het jy geweet?**



Kleinriviervallei se opstal bestaan vandag nog. Die dorp, Stanford, is aangelê op die plaas wat aan Robert Stanford behoort het.

Die eerste setlaars in die omgewing was nomadiese veeboere wat soms vir die pret visgevang het. Die eerste vissershuisies is in 1811 in die melkhoutbos by Stanfordsbaai gebou. Dit was die begin van ’n florerende visvangbedryf in die streek. Die dorp Gansbaai het in

1880, toe Daniel en Caitlin al grootmense was, tot stand gekom. Die dorp is eers Gansgat genoem na ’n varswaterfontein naby die ou hawe waar kolganse bymekaargekom het.

Die skrywer ken nie die geskiedenis van die pragtige kliphuisie tussen die songeel bietoubosse nie, maar in haar verbeelding het dit Malgas se huis geword.



**Het jy geweet?**

Die strandwolf, ook bekend as die bruin hiëna, is die raarste van al die hiënaspesies. Lees hier om te kyk of dit regtig aan die Overbergse kus voorkom en of die skrywer haar verbeelding gebruik het:



https://en.wikipedia.org/wiki/Brown_hyena

**Het jy geweet?**



Die Klipgatgrotte se naam kom van die asemrowende kalksteenformasies wat aan die Strandveldse kus voorkom. Reeds in die Middel-Steentydperk, toe Europa nog deur die primitiewer (en nou uitgestorwe) Neandertal bewoon is, het hier reeds homo sapiens sapiens gebly. In daardie dae was die omgewing ryk aan wildlewe - ook die bloubokkie wat vandag ’n uitgestorwe spesie is, het hier voorgekom.

Foto: Xplorio

https://www.grootbos.com/en/blog/destination/heritage-ancient-caves-and-early-man

https://xplorio.com/gansbaai/en/things-to-do/outdoor-adventures/de-kelders-caves/

## Vertellersperspektief https://youtu.be/BaRSVQe2mvA

Tensy die skrywer sy eie lewensverhaal (outobiografie) skryf, vertel hy/sy nie self die verhaal nie. ’n **Verteller** word gebruik om dit te doen. Die manier waarop die verteller hom van sy taak kwyt, word die **stem** van die verhaal genoem.

Daar is drie soorte vertellers wat in ’n roman kan voorkom:

- Die **“ek”-verteller (eerstepersoonsverteller)**. Een van die karakters, gewoonlik die hoofkarakter, vertel die storie in sy/haar eie woorde. Voornaamwoorde soos “ek” en “ons” word gebruik en alles wat die karakter dink, doen, sien, voel en weet word uit sy/haar eie mond aangebied.

  Die “ek”-verteller kan net vir ons vertel wat die gesigspuntkarakter beleef en wanneer jy so ’n storie lees, voel dit soos ’n goeie maat wat al sy/haar geheime met jou deel.

- Die **“hy/sy”-verteller (derdepersoonsverteller**): In die geval klim die skrywer in een (of meer) van die karakters se koppe, en voornaamwoorde soos “hy” en “sy” word gebruik. Die leser beleef die storie deur daardie karakter se oë, amper asof hy/sy self daardie karakter word.

**Hoe verskil die “ek”-verteller van die “hy/sy”- verteller**?

In albei gevalle beleef die leser die storie deur ’n die hoofkarakter se oë, maar die derdepersoon gee meer afstand deur die gebruik van die voornaamwoorde “hy” en “sy”.

Ander karakters in die storie leer ons ken uit wat hulle sê en doen, hulle voorkoms, lyftaal ens.

*Raaiselsee* is ’n voorbeeld van ’n “hy”-verteller. Die leser beleef die storie deur die hoofkarakter, Daniel, se oë. So weet die leser bv. wat Daniel voel en dink, maar weet net wat die ander karakters dink of voel wanneer hulle dit vir Daniel sê of wanneer hulle optrede of lyftaal dit verklap.

Skrywers gebruik ook soms ’n derdepersoonsverteller wat as **die alomteenwoordige verteller** bekend staan. In hierdie geval klim die verteller *nie* (soos bo) in een van die karakters se kop nie, maar weet hy alles van almal af, amper soos ’n alomteenwoordigheid wat van buite af inkyk en alles sien wat gebeur.

## Intrige (plot) https://youtu.be/w2x3T1NYmBg

Die intrige of plot is al die opwindende dinge wat in die lewe van die hoofkarakter, en dus tussen die bladsye van ’n storieboek, gebeur. Hierdie storiegebeure hou met mekaar verband en vorm ’n patroon of volgorde. Soos die leser die “roete” volg, word daar spanning geskep en sien hy/sy daarna uit om te ontdek wat om die volgende draai wag.

Alhoewel die vertelling (teksaanbod) nie in alle romans **chronologies** aangebied word nie, is dit wel so in *Raaiselsee*. Die vertelling (**narratief**) begin op ’n somersoggend in Simonstad iewers in die 1840’s. Daniel besluit om sy oom te vertel dat hy nie meer gaan steel nie. Oom Faan jaag hom uit die huis, en sonder heenkome swig hy voor die versoeking om Cailtlin se hangertjie te steel. Hy wil sy fout regmaak en dit vir haar teruggee, maar raak aan die slaap en beland op Robert Stanford se seilskip. Toe hy hom weer kom kry, is hy aan die anderkant van die Valsbaai en in groot moeilikheid. Die narratief eindig ’n paar dae later nadat Daniel en Caitlin die raaisel rondom die geheimsinnige Seevrou opgelos het.

Die intrige hou dus direk verband met die **storielyn** en het talle onverwagse **wendings** sodat dit al hoe moeiliker word vir die leser om te voorspel wat volgende gaan gebeur. Dit verras die leser en maak hom/haar nuuskierig en lus om verder te lees.

Die **intrige** vorm ’n **storielyn:**

’n Goeie storielyn het ’n duidelike BEGIN, MIDDEL en EINDE.
o In die BEGIN leer die leser die  karakter, die milieu en die aanvanklike probleem ken.
o In die MIDDEL kom die regte probleem na vore en gebeur die konflik. Die verhaal ontwikkel en word interessant gemaak deur die konflik tussen karakters wat spanning laat opbou.
o Daar is ’n KLIMAKS wanneer die spanning ’n hoogtepunt bereik.
o Daarna kom die AFLOOP en ONTKNOPING.

## Die fases van intrige

1. **Motoriese moment.** Die gebeure wat die verhaal aan die gang sit, word die **motoriese moment** genoem. Dit is ook die plek waar die spanningslyn begin.
In *Raaiselsee* vind ons die die **motoriese moment** teen die einde van hoofstuk 1 plaas wanneer oom Faan Daniel uit die huis jaag.

> "Ek was lank genoeg Oom se slaaf." Daniel se stem is koud. "Van nou af neem ek my eie besluite."
>
> "Nie in my huis nie!" Oom Faan pluk sy arm los en vryf oor die plek waar Daniel hom vasgevat het. "Voertsek! En bewaar jou siel as jy weer jou vuil pote oor my drumpel sit."
>
> "Faan . . ." keer ant Luitjie, maar oom Faan se gesig is pers. Hy pluk die voordeur oop en gluur Daniel aan.
>
> "Uit!" gil hy en skud sy vuis.
>
> Oor sy skouer sien Daniel hoe ant Luitjie haar hand uithou om hom te keer. Trane stroom oor haar wange en vir 'n oomblik is hy spyt hy het nie die pak gevat nie. Maar dis te laat, oom Faan sal hom nooit vergewe nie.
>
> "Totsiens, Antie." Hy sluk teen die knop in sy keel. "En dankie vir alles." Toe draai hy om en strompel buitentoe.
>
> Agter hom ratel die deur in die kosyn soos oom Faan dit toeskop.

Die storie (intrige) begin dus met Daniel wat uit die huis geskop word en 'n plan moet maak om geld te kry om aan die lewe te bly.

2. **Verwikkeling**. Direk ná die motoriese moment wanneer die intrige/plot begin, word die storie ontwikkel om die **spanningslyn** te vestig. In *Raaiselsee* begin die fase van verwikkeling wanneer Daniel swig voor die versoeking om Caitlin se hangertjie te steel.

> Dit word stil op die trappie voor Betiegi se sinkhuis. Die ooswind is warm teen Daniel se gesig en ver bo sy kop knipoog die melkweg, maar hy weet skaars daarvan, daar voor is sy hart te stukkend. Hier in sy hand lê die bewys dat oom Faan reg was: Hy is 'n juweeldief, nes sy pa.
>
> Na 'n ruk gee William hom 'n kloppie op die skouer. "Ouma Sakira sê altyd niks wat 'n mens aanvang is die einde van die wêreld nie. Solank jy dit net regmaak." Hy bly vir 'n ruk stil voor hy byvoeg: "Al kos dit ook wat." Toe staan hy op, draai die deurknop en verdwyn in die donker huis.
>
> Daniel kreun en laat sak sy kop in sy hande.

Skielik is daar ’n geluid. ’n Aardige gehuil wat klink of dit van ver, van oor die baai kom. ’n Grillerige koue rimpel oor sy lyf. As hy nie van beter geweet het nie, het hy gedink dis ’n wolf wat só huil, ’n wolf warm op sy prooi se spoor.

Nie net is hy nou ’n weeskind sonder heenkome nie, maar ook ’n juweeldief. Nadat hy die nag lank oor sy probleem gewroeg het, besluit hy om William se raad te volg en sy fout reg te maak. Hy gaan Robert Stanford en die meisies op die hawe inwag en die hangertjie teruggee. Hy raak egter in ’n groentekrat aan die slaap en beland aan die ander kant van die baai. Daar word hy ingesuig in ’n probleem wat nie net vir Caitlin nie, maar ook vir homself ten diepste raak.

3. **Ontwikkeling.** Vanuit die motoriese moment en die verwikkeling wat daaromheen ontstaan, vind ons **die ontwikkeling (eksposisie)** van verskillende storielyne. So lees ons van Caitlin wat weier om sy verskoning te aanvaar en daarop aandring dat hy swaar gestraf word. Daniel vlug en duik oor ’n afgrond. Toe hy bykom, het hy ’n vreemde ervaring:

Dronkerig steier Daniel orent, maar hy is skaars op sy voete toe ’n bloedstollende geluid weerklink. Hy kyk op, net betyds om ’n harige figuur teen die lig afgeteken te sien. Die wolf! skiet dit deur sy gedagtes. Die wolf is op sy spoor en het hom uiteindelik uitgesnuffel.

Hy wil vlug, maar sy spiere is swak en hy sak hulpeloos op die grond neer. Die wolf spring van die rots af en sluip nader. Kwyl drup uit sy bek. Daniel staal homself vir wat gaan kom.

’n Meisiestem roep. Daar is vreemde woorde in ’n taal wat hy nie verstaan nie. Toe draai die wolf om en smelt weg in die blink lig.

4. **Klimaks**. Die intrige (storie) se **klimaks (of hoogtepunt)** word deur die **krisis** voorafgegaan. Dit is wanneer al die vernaamste spanningslyne bymekaarkom in ’n krisis, wat tot die klimaks van die storie lei. Die krisis in *Raaiselsee* is wanneer Daniel en sy nuwe vriend, Malgas, na die geheimsinnige Zara gaan soek. Hulle kom op Gertjie en die bewustelose Caitlin af waar die donkerkop se rolstoel teen die kranse afgestort het. Ten spyte daarvan dat Caitlin albei die seuns se lewens kan verongeluk as sy bykom en vir Daniel herken, red hulle haar. Daniel besluit om uit haar pad te bly, maar dit val hom by van die kruiemedisyne wat Zara hom gegee het vir pyn en hy gaan haal dit. Toe hy en Gertjie Caitlin daarmee dokter, kom sy by en herken vir Daniel:

Gertjie staan op en vat die bakkie. Sy loop tot by die matras, kniel langs Caitlin en begin om die kruiepap versigtig aan die wond te smeer.

Daniel staan ook op. “Sal dit reg wees as ek jou alleen los? Ek moet wegkom voor juffrou Caitlin my sien, anders beland die arme Malgas ook in die gemors.”

Voor Gertjie kan antwoord, is daar voetstappe buite. Die deur gaan oop en Malgas staan op die drumpel. Sy oë vlieg na die matras en hy lyk verlig toe hy sien Caitlin is nog bewusteloos. “Gou! Die donkiekar wag,” jaag hy hulle aan.

“Hoe gaan ons met ’n donkiekarretjie regkom? Jy kan mos sien hoe siek sy is en die rolstoel moet ook saam,” maak Gertjie beswaar, maar Malgas tel Caitlin op asof sy ’n

lappop is en loop na die deur. "Bly hier!" beveel hy vir Daniel wat in die middel van die vertrek staan. "En hou jou skaars tot ek terug is."

Net toe kreun die donkerkop. Haar ooglede fladder en vlieg oop. Sy kyk reguit na Daniel.

"Jy!" spoeg sy dit uit.
Toe sak haar kop terug teen Malgas se gespierde skouer.

Hierdie word 'n krisis wanneer Daniel besef dat Malgas oor hom in groot moeilikheid is. Hy kom op Caitlin se sketsboek af en besluit om plaas toe te gaan sodat hy dit vir haar kan teruggee. Hopelik kan hy sy twee vriende so uit die verknorsing kry. Hierdie gegewe gee direk daartoe aanleiding dat Robert Stanford hom vra op Kleinriviervallei te bly en vir Caitlin rond te stoot. So leer Daniel van Caitlin se vrees:

'n Streep sonlig val deur die venster en speel oor die hemelbed teen die oorkantste muur. Daniel wag tot Gertjie die geborduurde beddegoed weggetrek het voor hy Caitlin op die wit lakens neersit. Terwyl Gertjie die deken oor haar vou, vang die hangertjie om haar nek sy oog. Dit gloei in die sagte sonlig en hy moet homself inhou om nie sy hand uit te steek en daaraan te raak nie.

Net toe gaan Caitlin se oë oop en sy gryp sy pols vas. "Die Seevrou roep na my ook," sê sy so sag dat net hy dit kan hoor. "En as jy my nie help nie, gaan sy my doodmaak."

Die **klimaks** word bereik wanneer Daniel en Caitlin Skulpiesbaai se geheim moet ontrafel en die Seevrou moet konfronteer.

5. **Ontknoping en slot.** Dikwels vind ons direk ná die klimaks 'n slotwending – normaalweg iets wat die leser nié kon voorsien en het nie en hom/haar daarom verras. In *Raaiselsee* is dit wanneer Daniel ontdek dat daar 'n verband tussen sy pa se dapper optrede en Cailin se hangertjie is.

Hierna word die **ontknoping** aangetref. Dit is wanneer die verwikkeling en slotwending verduidelik word en die intrige se "knoop" ontrafel word. Normaalweg is hierdie fase nie lank nie. In *Raaiselsee* beslaan dit Hoofstukke 26 en 27 wanneer Zara vir Daniel wys wat met sy pa gebeur het en hy en Cailtlin die hangertjie vir die Seevrou gaan teruggee. Alles val in plek en 'n gelukkige toekoms wink vir die vier kinders.

"Hiert! Vang my!" Caitlin pomp hom liggies in die sy en huppel 'n paar treë vooruit. Duidelik kan sy nie genoeg kry van haar nuwe vryheid nie. Daniel hardloop agterna en raap haar op in sy arms. Sy lag en druk haar gesig in sy nek. Die geur van pronkertjies laat hom mal gelukkig voel.

Toe hy oor haar bos donker hare terugkyk see toe, is hy net betyds om te sien hoe die vlak brandertjies Zara en Zultan se spore van die nat sand afwas. Daniel sluk teen die branderigheid in sy keel. Hy sal hulle nooit weer sien nie. Hulle het Skulpiesbaai se raaisel getrou bewaar. Nou is hulle uiteindelik vry.

## Konflik

Vir ’n storie om boeiend te wees, moet daar spanning en dus **konflik** wees. Konflik is die **wrywing** of **onmin** wat tussen karakters ontstaan en is daarom ten nouste verweef met die **spanningslyn**. Dié konflik/wrywing het ’n direkte invloed op die karakters se keuses en handeling. Dit dra die intrige (storie) van een krisismoment na die volgende en dryf dus die storielyn vorentoe omdat die leser wonder hoe die krisis opgelos gaan word. Dit maak hom/haar dus lus om verder te lees. Die geleidelike oplos van konflikte lei tot die suksesvolle afloop van die verhaal (intrige).

Konflik kan uiterlik of innerlik wees. I**nnerlike konflik** is iets wat ons nie kan sien nie, maar gebeur wanneer die karakter met sy gedagtes of gewete stoei. Dit bestaan dus in die karakter se kop of hart. **Uiterlike konflik** aan die nader kant, is die optrede wat spruit uit die stryd tussen die karakters.

1. **Innerlike konflik.** In *Raaiselsee* gee Daniel se innerlik konflik daartoe aanleiding dat hy besluit om nie meer te steel nie. Wanneer hy wel vir die versoeking val, verwyt hy homself bitterlik. Caitlin aan die ander kant worstel met skuldgevoelens oor haar ma se dood.
2. **Uiterlike konflik.** Die eerste teken van uiterlike konflik is wanneer Daniel vir oom Faan konfronteer:

> “Ek gaan nie meer steel nie, Oom.”
>
> “Hoesê?” Oom Faan se mond vertrek in ’n onheilspellende grynslag. Die leë bottel glip uit sy hand en tol raserig tot teen ’n tafelpoot. Sy vingers vou om sy belt.
>
> “Oom het my gehoor.” Daniel se kneukels vou wit om die tafelrand terwyl hy kyk hoe sy oom die belt losknoop, maar hy druk deur. “Ek gaan nie meer steel nie. Nooit nie.”
>
> “O, nè?” Oom Faan vou die belt dubbeld. “Wel, ek het nuus vir jou! Steel is ál waarvoor jy goed is. Dis in jou bloed.”

Caitlin se bitsige houding teenoor Daniel gee aanleiding tot uiterlike konflik wat sy lewe in gevaar stel.

> Skoorvoet staan Gertjie nader. Haar donker oë is verskrik, en toe sy die hangertjie vat, streel haar vingers liggies oor syne, amper asof sy hom jammer kry.
>
> “Wat draai jy so? Sit dit om my nek,” jaag Caitlin die diensmeisie aan.
>
> Selfs van waar hy staan kan Daniel sien hoe Gertjie se hande bewe terwyl sy die hangertjie vasmaak. Toe sy klaar is, druk die donkerkop haar uit die pad en kyk uitdagend na haar oom. “Ek hoop nie jy gaan die dief laat wegkom nie!”
>
> “Goed en wel.” Robert Stanford sug swaar. “Koot, gee vir die kind ’n afgedankste loesing, trek hom sommer oor daardie klip.” Hy wys na ’n rots ’n paar treë daarvandaan.

Later versag Caitlin se houding en vra sy Daniel om haar te help. Nou verskuif die uiterlike struweling na die krisismoment en die direkte bedreiging wat die Seevrou van Skulpiesbaai bied.

## Styl

Styl het te make met **die manier waarop die storie vertel word** en nie noodwendig met die inhoud nie. Dit is **hoe** die storie vertel word, eerder as **wat** in die storie gebeur. Dit verwys dus na dinge soos **woordkeuse** (diksie), beskrywing (**beeldspraak**) en karakteriserende **dialoog**.

In die geval van *Raaiselster* het ons met ’n storie te make wat baie lank gelede plaasgevind het. Dit is daarom nie vreemd dat daar dikwels vreemde, outydse woorde, gebruike en verwysings gevind sal word wat waarskynlik vir ’n moderne leser minder bekend sal wees nie. Dit is immers die bekoring én die skoonheid van historiese fiksie: om te lees hoe mense van toentertyd geleef en gedink het. Daar is baie voorbeelde hiervan en hulle word in die volgende afdeling as **Woordeskatverryking** aangebied.

Wat besonder treffend is van *Raaiselsee* se teksaanbod (styl), is die pragtige en treffende beskrywings wat regdeur voorkom. Voorbeelde hiervan is die volgende:

> ’n Straaltjie sweet rol in Daniel se nek af. Met Malgas ’n paar treë voor hom, het hulle die koelte van die melkhoutwoud agtergelaat en beur hulle tussen songeel bietoubosse deur teen ’n randjie uit. Onder hulle skitter die baai in die sonstrale, amper asof die sterre van die melkweg besluit het om helder oordag in die windstil see te kom baljaar.

Hierdie beeldende taalgebruik het tot voordeel dat die leser hom/haar ook visueel binne die bepaalde situasie kan plaas.

Nog iets wat die teksaanbod kenmerk, is die gebruik van **deurlopende motiewe** wat meehelp om die narratief te “bind”. Voorbeelde hiervan is die deurlopende verwysings na die see wat ook in die titel voorkom. Die storie begin aan die Valsbaaise kus en skuif dan oor na die Standveldse kus. Die storie se geheim is ook op die bodem van die see begrawe.

## Temas

Temas is die **sentrale idees** wat in ’n boek voorkom. Dit het te make met die **onderwerp**, oftewel dit **waaroor die storie handel,** en is gewoonlik abstrak van aard. In *Raaiselsee* vind ons heelwat temas waarmee jong lesers kan identifiseer. Die temas van **boeliegedrag** en die soek na **identiteit** is belangrik in die verhaal en so ook vrae oor **lewe** en **dood**.

In Daniel se soektog na wat reg is, is speel **lojaliteit en vriendskap** ’n groot rol. Toe oom Faan hom uit die huis jaag, is Daniel eensklaps op homself aangewese om te oorleef. Dit is sy vriendskap met William en later met Gertjie en Malgas wat hom ondersteun. Teen die einde help Caitlin hom om sy besluit deur te voer.

Die belangrikste tema is egter **integriteit. Om te doen wat reg is, al benadeel jy jouself daardeur**.

Die hele manier waarop Daniel na homself kyk, stort in duie toe oom Faan hom vertel dat sy pa ’n juweeldief was. William se woorde, die nag op die stoeptrappie van Umpella se huis,

help hom om te doen wat hy diep in sy hart weet reg is. Wanneer Caitlin amper verongeluk, stel Daniel nie net sy lewe in gevaar nie, maar stel hy homself bloot aan verdere moeilikheid. Instinktief doen hy egter die regte ding. En hy huiwer nie om te probeer help toe Malgas deur die Koot gevange gehou word nie, al kan dit maak dat hy in die tronk beland. Die groot toets kom egter teen die einde wanneer hy die raaisel van die hangertjie ontrafel het en besef dat hy alles kan verloor, ook Caitlin se liefde, as hy dit vir die Seevrou teruggee.

Die **boodskap (morele les)** hiervan is dat die onreg wat mense mekaar aandoen, lewens vernietig. Elkeen van ons kan egter kies om reg op te tree, al is die omstandighede ook hoe moeilik en gevaarlik. Hierdie les word reeds vroeg in die storie deur William verwoord:

## Opsomming van die hoofstukke

### **Hoofstuk 1** Bl. 5-9

Die verhaal begin waar die hoofkarakter, Daniel, met ’n sak wasgoed op sy rug teen die berg agter Simonstad uitloop. Hy is op pad na die modderhuisie wat hy met oom Faan en ant Luitjie deel en hy is bekommerd. Vandag gaan hy hulle iets vertel en hy weet sy oom gaan niks daarvan hou nie. By die huis aangekom, is ant Luitjie onthuts toe sy sien hoe min wasgoed daar is. Dit beteken daar gaan nie geld vir kos wees nie. ’n Besope oom Faan slinger agter die gordyn uit en beveel Daniel om terug te loop dorp toe om kos en geld vir drank te gaan steel. Leopold weier. Vandat hy by sy oom en tante bly, dwing oom Faan hom om te steel, maar hy wil ’n nuwe blaai omslaan sodat sy oorlede pa op hom trots sou wees. Oom Faan snou Daniel toe dat sy pa ’n dief was wat aan die mas van ’n skip opgehang is omdat hy juwele geroof het. Hy haal sy belt af en wil Daniel te lyf gaan. Daniel besef dat hy nie meer ’n tienjarige seuntjie is nie, maar veertien jaar oud, hy hoef dus nie meer en sy oom se mishandeling te verduur nie. Hy gryp oom Faan se arm en keer. Oom Faan vererg

> “Ouma Sakira sê altyd niks wat ’n mens aanvang, is die einde van die wêreld nie. Solank jy dit net regmaak.” Hy bly vir ’n ruk stil voor hy byvoeg: “Al kos dit ook wat.”

**Woordverklarings**:

| | |
|---|---|
| misvloer | Vroeër jare het die mense beesmis of perskepitte op vloere gebruik. Só vertel iemand hoe ‘n misvloer gesmeer is: Die oppervlakte moet skoon en hard wees. *Meng beesmiskoeke met water tot redelike stewige, maar loperige pasta. Smeer met die buitekant van jou hand in ’n dun lagie oor die oppervlak en maak mooi patrone. Laat droog word en smeer ’n tweede laag.* |
| pondok | Klein, armoedige huisie gewoonlik van afvalmateriaal gebou. |
| ysterbed | ’n Oudtydse bed wat van yster gemaak is. Dit is gewoonlik saam met ’n matras gebruik wat met klapperhaar opgestop is. |

| | |
|---|---|
| stoppelbaard | ’n Man se baard wat net begin uitgroei en nog nie lank genoeg is om sy vel toe te maak nie. |
| skarminkel | Onaangename, onbetroubare selfs skurkagtige persoon. |
| veldkos | Eetbare plante en knolle wat wild in die veld groei. Voorbeelde: veldkool, soutslaai, duinespinasie. |
| tyding | ’n Boodskap of nuus. |
| sadisties | ’n Sadistiese persoon geniet dit om ander mense fisies of geestelik te martel. |
| matroos (sailor) | ’n Lid van ’n skip se bemanning, veral iemand van ’n laer rang. |
| retireer | Wanneer ’n mens retireer, beweeg jy agteruit. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | In watter ruimte (plek) bevind Daniel hom? | (1) [2] |
| 1.2 | Haal TWEE frases (opeenvolgende woorde/ ’n deel van ’n sin) op die eerste bladsy van hoofstuk 1 aan om jou antwoord te motiveer. | (2) [2] |
| 2 | Daniel is op pad huis toe. | |
| 2.1 | Wat het hy in Simonstad gaan doen? | (2) [2] |
| 2.2 | Verklaar waarom Daniel bekommerd en amper bang is om huis toe te gaan. | (1) [3] |
| 3.1 | Waarom is ant Luitjie so ontsteld? | (1) [4] |
| 3.2 | Wat vertel dit vir ons van die lewe wat hulle lei? | (1) [3] |
| 4.1 | Wat wil oom Faan hê moet Daniel in Simonstad gaan doen? | (1) [3] |
| 4.2 | Hoekom? | (1) [3] |
| 4.3 | Waarom weier Daniel om die opdrag uit te voer? | (2) [3] |
| 4.4 | Watter karaktereienskap van Daniel kan jy hieruit aflei? | (1) [3] |
| 5 | Lug jou mening (sê wat jy daarvan dink) oor die storie wat oom Faan oor Daniel se pa vertel. Dink jy Daniel het daarvan geweet? | (2) [5] |
| 6 | *...’n figuur met ’n stoppelbaard verskyn. Oom Faan se oë is rooi en sy stukkende hemp vol vetkolle.* | |
| 6.1 | Wie is die figuur wat verskyn? | (1) [1] |
| 6.2 | Wat vertel die uittreksel jou van hom? | (1) [1] |
| 6.3 | Waarom dink jy voel Daniel bang vir hom? | (1) [4] |
| 7 | Noem twee items in hoofstuk 1 wat bewys dat die verhaal in ’n vorige eeu afspeel. | (2) [3] |
| | **Totaal** | {20} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Verbeel jou jy is Daniel: skryf twee dagboekinskrywings waarin Daniel breedvoerig beskryf hoe sy dae verloop – hoogte- en laagtepunte en hoe hy daaroor voel – onder andere ‘n onderonsie met oom Faan en ‘n diefstalpleging.

## **Hoofstuk 2** Bl. 10-16

Daniel sit op ’n klip teen die berghang en kyk hoe ’n kleinerige seilskip die hawe invaar toe sy vriend, William, by hom aansluit. William vertel dat die skip aan ’n boer behoort wat aan die ander kant van die skiereiland woon en sy groente in Simonstad smous. Toe dit uitkom

dat oom Faan Daniel uit die huis geskop het, nooi William hom om by hulle te kom slaap. Daniel aanvaar die uitnodiging, maar besluit om eers ’n paar pennies te verdien. Hulle stap saam Simonstad toe. In die loop gesels hulle oor William se ouma, Sakira, wat in haar jong dae as slavin na Simonstad gebring is. By die hawe skei hulle paaie en Daniel bied sy dienste aan vir die voorman wat besig is om groente van die seilskip af te laai. Die man weet egter van Daniel se slegte naam en jaag hom weg. Net toe Daniel wil loop, stap daar ’n man van die skip af. Hy is deftig uitgevat en daar is twee meisies by hom. Die een is ’n bitsige donkerkop in ’n rolstoel en die ander ’n skamerige bruin meisie wat haar stoot. Uit die gesels kom Daniel agter die man se naam is Robert. Hy noem die donkerkop Caitlin, en die diensmeisie Gertjie. Daniel bied aan om met die rolstoel te help. Terwyl hy dit oor die straat stoot, val sy oog op ’n pragtige pêrelhangertjie om Caitlin se nek.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| seilskip | Seilskepe word deur die wind aangedryf en in vroeër jare gebruik om passasiers en goedere oor betreklike lang afstande te vervoer. Ontdekkingsreise is ook met seilskepe onderneem. Dit het dikwels oor indrukwekkende takelwerk beskik. |
| bakhand | ’n Hand wat hol gehou word, gewoonlik om beleefd iets by iemand te vat, of te bedel. |
| smous (hawker) | Iemand wat van plek tot plek verkoop of ruilhandel bedryf. |
| platriem | Wanneer iemand met die platriem bygekom word, kry hy ’n pak slae. |
| skeepsjonge | ’n Jong seun wat in die laagste rang op ’n skip diens doen en as matroos opgelei word. |
| skeepswerf | Terrein waar skepe gebou of herstel- en onderhoudswerk gedoen word. |
| pennies | ’n Pennie is ’n ou geldstuk wat min waarde gehad het. |
| slawemark | Plek waar slawe vroeër jare verkoop is. |
| losieshuis | ’n Huis wat verblyf verskaf aan mense en gewoonlik ook etes bedien het. |
| gaps | Steel. Iets skelm vat. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Wat sien Daniel terwyl hy oor die see uitkyk? | (1) [1] |
| 1.2 | Watter gevoelens maak dit in hom wakker? | (1) [3] |
| 2 | Hoe het Daniel en William vriende geword? | (2) [3] |
| 3 | Noem twee verskille (kontraste) tussen William en Daniel. | (2) [3] |
| 4.1 | Hoe dink jy het William gevoel toe hy hoor Daniel het vir sy oom vertel dat hy nie meer wil steel nie? | (1) [3] |
| 4.2 | Hoekom dink jy so? | (1) [3] |
| 5 | Wie is ouma Sakira en wat was sy toe sy na Simonstad gekom het? | (2) [1] |
| 6 | Haal ’n sin op bladsy 12 aan wat bewys dat Daniel jammer voel oor wat met ouma Sakira gebeur het. | (1) [2] |
| 7 | Verduidelik waarom Daniel daarvan hou om by William se huis te kuier. | (1) [3] |
| 8 | Waarom wil Blasgesig nie vir Daniel werk gee nie? | (1) [3] |
| 9 | Watter drie mense stap met die loopplank van die seilskip af? | (3) [1] |

| | | |
|---|---|---|
| 10 | Hoe verskil die twee meisies se reaksie teenoor Daniel? | (2) [3] |
| 11.1 | Wat trek Daniel se aandag toe hy die rolstoel begin stoot? | (1) [2] |
| 11.2 | Watter konflik is daar binne-in hom terwyl hy daarna kyk? | (1) [4] |
| | Totaal | {20} |

**Verrykingsopdrag:**

Doen navorsing oor lewensomstandighede tydens die vroeë jare in die Kaap. Doen 'n kort mondeling om jou klasmaats van interessante inligting daaroor te voorsien.

## **Hoofstuk 3** Bl. 17-21

Dis aand. Terwyl William se ma kosmaak, is Daniel besig om saam met die familie na ouma Sakira se slawestories te luister. Sy gedagtes is egter by die pêrelhangertjie in sy sak. Hy kon die versoeking nie weerstaan nie en het dit gesteel, maar nou is hy bitter spyt daaroor. William se pa, Umpella, vra uit na waar hy die geld gekry het om die lekker bakkersbrood huis toe te bring en Daniel sê die boer van anderkant die baai het hom betaal – hy sê nie dis omdat hy Caitlin se rolstoel gestoot het nie. Umpella vertel hy het gehoor die man se naam is Robert Stanford en dat hy langs die Kleinrivier boer. Na ete kruip almal in, maar Daniel sukkel om aan die slaap te raak. Die hangertjie spook by hom. Later gaan sit hy buite op die stoeptrappie. William sluit by hom aan en toe hy vertel wat hy gedoen het, moedig William hom aan om sy fout reg te stel, selfs al is dit gevaarlik.

**Woordverklarings**

| | |
|---|---|
| onherbergsaam | 'n Plek waar mense en diere nie maklik kan bestaan nie. |
| gehipnotiseer | 'n Toestand waarin 'n persoon nie vermoë het om te doen wat hy/sy wil nie en onwillekeurig deur 'n ander beheer word |
| gestroop | Wanneer alles van jou weggevat is. |
| es | 'n Stoof/vuurmaakplek onder 'n skoorsteen. |
| watertand | Smaaklik. So lekker, jou mond water. |
| togwa | 'n Sterk wa wat deur osse getrek is waarmee togryers hul handelsware vervoer het. |
| takelwerk | Touwerk van 'n seilskip. |
| karos | 'n Kombers wat van gebreide, aanmekaar gewerkte velle gemaak is. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hoekom is Daniel se aandag nie by ouma Sakira se slawestories nie? | (1) [1] |
| 2 | Ouma Sakira is as slavin na Simonstad gebring. | |
| 2.1 | Wat het met haar man gebeur? | (2) [2] |
| 2.2 | Hoe het sy oor haar nuwe tuiste gevoel? | (2) [3] |
| 2.3 | Noem TWEE dinge wat sy verloor het. | (2) [2] |
| 2.4 | Waarom het sy nie moed verloor nie? | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | William se pa is tevrede met die lewe wat hulle lei.<br>Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. | (3) [5] |
| 4.1 | Wie is die boer wat Daniel op die hawe ontmoet het? | (1) [2] |
| 4.2 | Langs watter rivier boer hy? | (1) [1] |
| 5 | Toe Daniel op die stoep voor die huis gaan sit, gaan daar verskillende gedagtes deur sy kop. Vertel wat dit is. | (2) [2] |
| | Totaal | {15} |

**Verrykingsopdrag:**

Daniel en William het graag slawestories geluister. Vorm groepies van 4/5 in die klas en vertel mekaar jul gunsteling kleintydstorie.

## **Hoofstuk 4** Bl. 22-27

Dis nog donker wanneer Daniel wakker word. In William se huis brand daar al lig, maar niemand nooi hom in nie. Alleen en verlore stap hy deur die swart dorp se stil strate. Die hoofstraat is ook nog verlate, maar toe hy verbyloop gaan daar ’n liggie aan in die een vensters van die losieshuis. Daniel hoor hoe Gertjie, die diensmeisie van die vorige dag, met iemand agter in die vertrek praat. Daaruit lei hy af dat Robert Stanford voor sonsopkoms wil vertrek. Daniel haas hom na die hawe toe om voor die boer en die meisies daar te wees. Hy skrik hom boeglam toe hy op die blas man afkom waar hy sy roes lê en afslaap, maar kry dit reg om ongesiens in ’n groentekis weg te kruip. Hy raak aan die slaap. Toe hy wakker word skommel die kis onder hom en besef hy dat hy op die oopsee is. Hy hoor hoe Blasgesig en nog ’n man oor Caitlin praat en oor haar hangertjie wat gesteel is. Die kis word opgetel en in ’n roeibootjie strand toe geneem. Toe dit hard op die grond neergesit word, roep Daniel uit van skrik. Die kis se deksel lig, en hy kyk in Blasgesig se woedende gevreet vas.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| murmur | Sag en ruisend te praat |
| slaweskip | Seilskip wat slawe waarmee handel gedryf is, vervoer het. |
| silhoeët | ’n Figuur or voorwerp, swart afgeteken teen ’n ligte agtergrond. |
| ongure | Onaangenaam. Afstootlik. |
| hawehoof | Die seemuur wat vanaf die kus gebou is om die hawe teen die branders te beskerm. |
| aamborstig | Slym op die bors. |
| katvoet | Baie saggies. Geluidloos. |
| twak | Tabak |
| kierang | Skelm speel. Fop. Bedrieg. |
| gier | Iets wat iemand begeer of voor lus is of ’n idee wat hy/sy uit die bloute en sonder goeie rede kry. Nuk. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hoekom dink jy nooi William nie vir Daniel in nie? | (1)[4] |
| 2 | Hoe voel Daniel terwyl hy deur die swart dorp se strate loop? | (2)[2] |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | *Daniel kyk af en sien die volgende: "'n Slap, lewelose hand. Erger. Daar is 'n lyf ook wat ongemaklik skeef teen 'n rol skeepstou lê . . . 'n Rooipers gesig . . . Mond wat oophang ..."* | |
| 3.1 | Wie is dit wat daar lê? | (1)[2] |
| 3.2 | Hoekom lyk hy so? | (1)[3] |
| 4.1 | Waar is Daniel toe hy weer wakker word? | (1)[2] |
| 4.2 | Wat beplan hy om daaraan te doen? | (1)[2] |
| 5 | Terwyl hy in die kis wegkruip, hoor Daniel 'n gesprek tussen Blasgesig en nog 'n man. Wat vertel dit vir hom van juffrou Caitlin se karakter? | (1) [3] |
| | Totaal | {8} |

**Verrykingsopdrag:**

Skryf 'n kort, karakterbeeldende dialoog wat tussen Blasgesig en 'n matroos en ook Blasgesig en Daniel sou plaasvind.

## **Hoofstuk 5** Bl. 28-32

'n Klomp onvriendelike mansgesigte versamel om die groentekis en gluur Daniel aan. Hulle gee egter pad toe iemand praat en hy sien dat hy hom op die strand van 'n klein baaitjie bevind. Robert Stanford se skip lê voor anker en die boer en die twee meisies is besig om aan wal te kom. Toe die boer hom konfronteer, erken Daniel hy het die hangertjie gevat. Hy verduidelik dat hy jammer is en hom in die krat versteek het, omdat hy dit wou teruggee voor die skip uit Simonstad vertrek. Caitlin is egter woedend en Robert Stanford beveel Koot (Blasgesig) om hom 'n afgedankste pak slae te gee. Benoud kyk Daniel na Caitlin en op daardie oomblik begin die pêrel in haar hangertjie gloei. 'n Vreemde krag stoot deur Daniel se lyf. Hy ruk los en hardloop weg. Koot en sy manne agtervolg hom en keer hom by 'n loodregte krans vas. Onder slaan die branders teen die rotse, maar Daniel het geen keuse nie en duik oor die afgrond.

**Woordverklarings**:

| | |
|---|---|
| desperaat | Wanhopig. Radeloos. |
| paniekerig | Verbouereerd van skrik of vrees |
| gekras | Harde, onaangename geluid |
| skoorvoet | Huiwerig. |
| loesing | Pak slae |
| swets | Vloek |
| gô | Krag. Uithouvermoë |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hoe voel Daniel toe Robert Stanford en sy manne op hom afkom? | (1)[1] |
| 1.2 | Hoe tree hy op? | (3)[1] |
| 1.3 | Wat vertel dit jou van Daniel se karakter? | (1)[3] |
| 2 | Noem twee dinge wat jy teen die tyd van Gertjie weet en motiveer telkens hoe jy dit weet. | (4)[3] |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Hoe tree Caitlin op toe Daniel die hangertjie vir haar wil gee? | (1)[1] |
| 4.1 | Wat vertel Robert Stanford se lyftaal vir jou? | (3)[3] |
| 4.2 | Dink jy hy keur Caitlin se optrede goed? Motiveer. | (2)[3,4] |
| 5.1 | Wat het gebeur toe Daniel na die hangertjie om Caitlin se nek kyk? | (2)[1] |
| 5.2 | Dink jy dit is iets bonatuurliks aan die werk? Motiveer jou antwoord. | (2)[4] |
| 6 | Beskryf die omgewing waardeur Daniel vlug deur drie dinge te noem. | (3)[3] |
| 7.1 | Wat doen Daniel toe hy by 'n loodregte krans kom? | (1)[1] |
| 7.2 | Dink jy dit was 'n slim besluit? Motiveer jou antwoord. | (2)[5] |
| | Totaal | {25} |

**Verrykingsopdrag:**

Doen navorsing oor Simonstad of pêrels. Skryf drie paragrawe oor interessante aspekte daarvan.

## **Hoofstuk 6** Bl. 33-37

Daniel word op 'n vreemde plek wakker. Hy ruik lotusblomme en voel hoe sagte hande aan hom raak, maar sien niemand. 'n Voetspoor in die sand en 'n stukkie materiaal wat aan 'n rotspunt hang, laat hom tog dink dat hy hom nie verbeel het nie. Hy is besig om regop te kom, toe hy 'n bloedstollende geluid hoor. In die lig wat van buite inval, sien hy die wolf staan. Net toe hy dink die dier gaan hom verskeur, klink 'n meisiestem op en sluk die donkerte hom weer in. Toe hy weer bykom, lê hy op die strand van die baai waar Robert Stanford se skip voor anker lê. 'n Bruin seun sit langs 'n vuurtjie, besig om vis te braai. Hy stel hom voor as Malgas, 'n plaaslike visser, en nooi Daniel om saam te eet. Toe hulle klaar is, stap hulle saam deur die melkhoutbos na Malgas se huis. Die bos is donker en dit voel vir Daniel of rooi oë hom deur die takke dophou.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| lotusblom of lotuslelie | 'n Waterplant, inheems aan Asië en Australië. Dit groei in die modder en dra pragtige blomme. |
| wasig | Onduidelik. |
| grotesk | Grillerig. 'n Fantastiese vorm. Lelik. |
| flenter | Stukkie. Deel van iets anders. |
| kraaines | Kraaie se neste word op 'n slordige manier uit stokke en takke gebou. Ons praat dus van iets wat deurmekaar is, as 'n kraaines. |
| vrypostig | Voorbarig |
| kriesel | Klein stukkie |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Noem twee dinge wat Daniel waarneem toe hy wakker word. | (2)[2] |
| 2 | Hy kyk rond, maar sien niemand nie. Noem drie dinge wat hom tog laat dink dat hy nie alleen is nie. | (3)[2] |
| 3 | Vertel wat Daniel sien en ervaar toe hy opstaan. | (3)[2] |
| 4.1 | Wat ruik Daniel toe hy op die strand wakker word? | (1)[3] |
| 4.2 | Waarna laat dit hom verlang? | (1)[3] |
| 5.1 | Hoekom is Daniel bang om saam met Malgas te eet? | (1)[2] |
| 5.2 | Wat sou jy gedoen het as jy in sy plek was? | (1)[4] |
| 6 | Hoekom voel Daniel jaloers op Malgas? | (2)[2] |
| 7 | Dink jy Daniel het dit geniet om deur die melkhoutbos te stap? Motiveer jou antwoord. | (2)[3] |
| 8 | Waarom dink hy Malgas is nie eerlik met hom toe hy oor die wolf uitvra nie? | (1)[4] |
| | Totaal | {17} |

**Verrykingsopdrag:**

Skryf jou eie onheilspellende storie na aanleiding van Daniel se wedervaringe in hierdie hoofstuk. Rooi oë moet in jou storie voorkom.

## **Hoofstuk 7** Bl. 38-42

Malgas is trots om sy netjiese kliphuis vir Daniel te wys. Hulle gaan binnetoe en raak aan die gesels. Malgas vertel dat sy pa ’n skaapwagter op een van die plase is, maar dat hy besluit het om ’n visser te word. Voor Daniel homself kan keer, vertel hy sy hele hartseer storie vir Malgas – ook hoe giftig Caitlin teen hom opgetree het. Malgas bied aan om te help om vir hom ‘n geleentheid met ’n togwa terug Kaapstad toe te kry. Intussen kan Daniel by hom bly, solank hy net laag lê. As Caitlin agterkom waar hy is, gaan sy die wêreld vir hulle albei moeilik maak. Daniel kom ook agter dat Malgas ’n sagte plek vir Gertjie het. Die wind swiep oor die stoep en toe Daniel opkyk, is dit of hy rooi oë gewaar wat hom dophou.

**Woordverklarings**

| | |
|---|---|
| bietoubos | ’n Inheemse struik wat heldergeel blomme en eetbare bessies dra. https://candidegardening.com/ZA/plants/c62714c2348f23c0d3607c52d904a4f3 |
| enemmel | Die materiaal waarmee kombuisware soos ysterpotte en -borde mee bedek en dan in ’n warm oond gebak is. Hierdie tipe kombuisware is eintlik eers later in die eeu op groot maat vervaardig en die skrywer gebruik dit dus buite die historiese konteks. |

| | |
|---|---|
| kooigoed-matras | Kooigoed is die volksnaam vir ’n inheemse krui waarvan die blare en die blomme dier die Khoi gebruik is om op te slaap. Later is matrasse soms daarmee gestop en kampeerders gebruik dit vandag nog. http://pza.sanbi.org/helichrysum-petiolare |
| jakkals-draai | Wanneer ’n mens jakkalsdraaie gooi, probeer jy iets vermy. |
| pennie | ’n Groot muntstuk van min waarde en deel van die Britse geldstelsel (sterling) wat destyds aan die Kaapkolonie gebruik is. |
| togryer (transport-ryer) | ’n Rondreisende smous wat sy handelsware na en van die binneland vervoer het. |
| transport-wa (togwa of bokwa) | ’n Sterk wa wat uit die ossewa ontwikkel het en tot 3 ton vrag kon dra, wat deur die togryers gebruik is. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Verskaf TWEE redes waarom Malgas so trots op sy huis is. | (2)[3] |
| 2 | Hoekom dink jy is Daniel huiwerig om vir Malgas te vertel waar hy vandaan kom? | (2)[3] |
| 3 | Daniel vertel tog sy storie. Watter raad gee Malgas vir hom? | (1)[2] |
| 4 | Hoekom het Gertjie se pa vir haar ’n seunsnaam gegee? | (2)[1] |
| 5 | Haal ’n frase op bladsy 40 aan wat bewys dat Malgas weet van Caitlin se moeilike geaardheid. | (1)[3] |
| 6 | Wat wil Daniel nou doen, EN waarom is dit nie so maklik nie? | (2)[2] |
| 7 | Watter oplossing doen Malgas aan die hand? | (1)[1] |
| 8.1 | Wat gebeur terwyl hulle praat? | (1)[2] |
| 8.2 | Hoekom dink jy sal Malgas bly wees as die sterre helder skyn? | (2)[5] |
| 9.1 | Wat dink Daniel sien hy voor die venster? | (1)[3] |
| 9.2 | Waarom maak dit hom bang? | (1)[3] |
| 10 | *Onder hulle skitter die baai in die sonstrale, amper asof <u>die sterre van die melkweg besluit het om helder oordag in die windstil see te kom baljaar.</u>* | |
| 10.1 | In die onderstreepte gedeelte van die aanhaling word ’n menslike eienskap aan die lewelose melkweg toegeken. Watter soort beeldspraak kom hier voor? | (1)[3] |
| | Totaal | {17} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Doen navorsing oor besonderse rygoed: outyds tot hedendaagse vervoer. Kom vertel van een in ‘n kort mondeling.

## **Hoofstuk 8** Bl. 43-47

Toe Daniel die volgende oggend wakker word, is Malgas al uit op die viswaters. Al het die visserseun hom gewaarsku om in die huis te bly, besluit hy om af strand toe te loop om te kyk of hy Malgas kan help met om sy vangs huis toe te bring. Hy kom af op die voetspore van ’n meisie in die sand. Toe hy rondkyk, sien hy ook voetspore van wat hy vermoed dalk ’n strandwolf kan wees. Hy volg dit en op die rand van die kranse gewaar hy ’n ou vrou, besig om kruie te pluk. Sy stop ’n kruiebossie in sy hand en sê dit is ’n agtuurgeneesbossie. Toe Daniel beswaar maak, dring sy daarop aan dat hy dit vat omdat hy dit gaan nodig kry vir die baie pyn wat gaan kom.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| vuurherd (hearth) | ’n Opening aan die basis van ’n skoorsteen waarin vuur gemaak en gekook kan word. |
| vuuryster (pook) | ’n Instrument waarmee die vuur gestook word. |
| kaasdoek | Dun, ongebleikte katoengaasdoek (moeselien). |
| touleier | Gewoonlik ’n jong seun - die touleier was die persoon wat die span osse wat ’n wa trek, gelei het. |
| fynkam | Deeglik deursoek. |
| bladsak | ’n Sak wat agter die rug om die skouers gedra word met kos of ander reisbehoeftes daarin. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Toe Daniel wakker word is hy alleen in die kliphuis. Wat het hy afgelei van die warm kole in die vuurherd? | (2)[1] |
| 2 | Noem drie items wat Daniel sien toe hy die kaasdoek oplig. | (3)[1] |
| 3 | Hoekom is Daniel nie honger nie? Verduidelik jou antwoord. | (2)[2] |
| 4 | Daniel besluit om te kyk of hy Malgas kan help om sy vangs huis toe te bring. Wat dink jy is eintlik die rede waarom hy besluit om strand toe te gaan? | (1)[4] |
| 5 | Waarom volg Daniel die wolfspore? | (1)[3] |
| 6 | Hoe die krui wat die ou vrou vir Daniel gee, anders as die agtdaegeneesbossie wat algemeen gebruik is? | (2)[2] |
| 7 | Waarvoor gaan Daniel die krui glo nodig kry? | (1)[1] |
| | Totaal | {12} |

<u>**Verrrykingsopdrag:**</u>

Kruie, veral die medisinale gebruike, was destyds van groot belang, omdat daar min/ geen laboratoriumvervaardigde middels beskikbaar was nie. Vandag beleef ons ‘n terugkeer na natuurlike, minder skadelike middels.
Skryf ‘n tydskrifartikel vir *Die Huisgenoot* oor die wonder van (’n) natuurlike geneesmiddel(s) wat op eie bodem gevind kan word.

## **Hoofstuk 9** Bl. 48-52

Malgas is woedend toe Daniel by die kliphuis opdaag. Daniel vra hom uit oor die ou vrou. Eers wil hy nie antwoord nie, maar later kom hy daarmee uit dat hy haar en haar wolf nog nooit self gesien het nie, maar dat die mense allerhande stories oor hulle vertel. Daniel wil haar gaan soek om uit te vind van sy pa en wat sy bedoel het toe sy van baie pyn gepraat het. Malgas sit hom agterna. By die steil kranse gekom, hoor hulle iemand roep en kom tot hulle ontsteltenis agter dat dit Gertjie is. Daniel sien ook Caitlin se slap liggaam waar dit naby haar rolstoel oor ’n krans hang.

**Woordverklarings**:

| | |
|---|---|
| osriem | Lang, sterk riem waarmee trekdiere gevang word om hulle in te span of vas te maak. |
| bossies rook | Dagga rook. |
| strandwolf | Ook bekend as die bruin hiëna, ’n skaars spesie hiëna wat o.a. in Namibië en Suid-Afrika aangetref word. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hoekom is Malgas so kwaad toe Daniel by die kliphuis opdaag? | (2)[2] |
| 1.2 | Waarvoor is hy bang? | (2)[2] |
| 2 | Daar is twee stories wat Zara se teenwoordigheid in Skulpiesbaai verduidelik. Skryf die een neer waarvan jy die meeste hou. | . (1)[2] |
| 3 | Malgas hardloop heen en weer toe hulle op Gertjie afkom waar sy aan ’n boomwortel vashou. Waarom dink jy help hy nie dadelik nie, hy hou dan van Gertjie? | (2)[3] |
| 4 | Daniel reageer dadelik en begin om teen die krans af te klim. Hoekom? | (2)[3] |
| 5 | Hoekom skrik Daniel so groot toe hy Caitlin se rolstoel raaksien? | (1)[1] |
| | Totaal | {10} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Skryf een van die stories wat jy dink mense oor die ou vrou en haar wolf vir Malgas sou vertel het.

## **Hoofstuk 10** Bl. 53-58

Daniel klim teen die krans af om die meisies te red en hy en Malgas neem Gertjie en die bewustelose Caitlin na die kliphuis. Terwyl Malgas ’n donkiekar gaan soek waarmee hulle Caitlin kan terugneem plaas toe, smeek Gertjie vir Daniel om haar te help. Sy verduidelik hulle het in die moeilikheid beland omdat Caitlin die see wou skilder en Gertjie gedwing het om haar hiernatoe te bring. Gertjie is duidelik doodbang vir die donkerkop én vir Robert Stanford se woede. Dit val Daniel by van die agtuurgeneesbossie wat hy buite neergegooi het. Hy gaan haal dit en terwyl hy en Gertjie ’n pap daarvan maak, vertel Gertjie hom dat Caitlin Robert Stanford se susterkind is. Daniel wil padgee voor Caitlin bykom, maar Malgas daag op. Hy lyk verlig om te sien dat Cailtlin nog bewusteloos is en dra haar deur toe. Net voor hy uit die kliphuis loop, lig sy haar kop en herken vir Daniel.

**Woordverklarings**:

| | |
|---|---|
| kouevuur | kouekoors |
| afransel | ’n Goeie pak slae gee. |
| Hermanuspietersfontein | Waar Hermanus vandag is. https://en.wikipedia.org/wiki/Hermanus |
| kapkar | ’n Perdekar met ’n afslaanbare tent of kap. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Watter tyd van die dag is dit wanneer die kinders by die kliphuis aankom? | (1)[2] |
| 1.2 | Waaruit lei jy dit af? | (1)[2] |
| 2.1 | Hoekom vra Gertjie dat Malgas en Daniel vir haar groen stompe moet bring? | (1)[2] |
| 2.2 | Wat sou jy gebruik het as die storie vandag gebeur het? | (1)[4] |
| 3 | Hoekom waarsku Malgas vir Daniel dat Caitlin hom nie moet sien nie? | (1)[2] |
| 4 | Watter twee goed is Daniel bang gaan met Malgas gebeur? | (2)[2] |
| 5 | Hoekom val dit Daniel by van die kruietakkies wat hy vroeër die oggend buite neergegooi het. | (1)[2] |
| 6 | Hoe verduidelik Gertjie aan Daniel dat sy dit regkry om met Caitlin uit te hou? | (1)[1] |
| 7.1 | Hoekom het Caitlin gewag dat haar oom weg is, voor sy Koot en Gertjie sover gekry het om haar Skulpiesbaai toe te bring? | (1)[1] |
| 7.2 | Wat wou sy op Skulpiesbaai kom doen? | (1)[1] |
| 8 | Kry jy vir Daniel jammer as gevolg van die situasie waarin hy verkeer? Motiveer jou antwoord. | (2)[2] |
| | Totaal | {13} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Vorm groepe in die klas en beeld die kern van hierdie hoofstuk in toneelspel uit.

## **Hoofstuk 11** Bl. 59-64

Vreesbevange kruip Daniel in die melkhoutbos weg terwyl hy wag vir Malgas om terug te kom. Hy raak bewus van ’n vreemde teenwoordigheid en dink dis die wolf wat op sy spoor is. Alhoewel hy die dier nie sien nie, volg hy sy instink en kom by ’n grot langs die see uit. Hy gaan binnetoe. Na agter brand ’n lig en toe hy daar kom, sien hy dit is Zara en haar strandwolf. Zara praat onsamehangend, maar uit wat sy sê, lei Daniel weer af sy het sy pa geken. Toe hy daarop aandring dat sy hom vertel, klap sy haar hande en die volgende oomblik verdwyn sy en die wolf voor sy oë.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| kormorant | Die Kaapse kormorant is ’n seevoël wat in groot swerms naby die kus kos soek. https://dewetswild.com/2018/01/27/cape-cormorant/ |
| kaleidoskoop | https://www.thefreedictionary.com/kaleidoscope<br>Iets wat die ooreenkoms met die beelde van ’n kaleidoskoop (volg skakel bo) het en wat dus telkens verander. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Watter nare gedagte maal in Daniel se kop terwyl hy in die Melkhoutbos wegkruip? | (1)[2] |
| 1.2 | Watter gevolge gaan dit vir hom en Malgas hê? | (1)[2] |
| 2.1 | Waarvan word Daniel bewus? | (1)[3] |
| 2.2 | Noem die TWEE sintuie waarmee hy dit ervaar. | (2)[3] |
| 3.1 | Watter emosie ervaar Daniel toe hy dink dat die wolf hom bekruip? | (1)[2] |
| 3.2 | Hoe sou jy dit onder sulke omstandighede ervaar? | (1)[3] |
| 4 | Sou jy kans gesien het om soos Daniel die wolf te agtervolg? Motiveer. | (2)[5] |
| 5.1 | Watter bosse wys vir Daniel die pad? | (1)[1] |
| 5.2 | Hoe gebeur dit? | (1)[2] |
| 6.1 | Waarop kom Daniel af? | (1)[2] |
| 6.2 | Waarheen lei dit hom? | (1)[3] |
| 7 | Dink jy Zara se gedagtes het net gedwaal of weet sy dalk regtig iets van Daniel se pa af? Motiveer. | (2)[4] |
| | Totaal | {15} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

‘n Haikoe is ‘n kort, beskrywende gediggie wat ‘n indruk/ emosie vasvang. Dit bestaan uit drie reëls van 5 lettergrepe, 7 lettergrepe en laastens weer 5 lettergrepe.
Verbeel jou jy is Daniel óf Zara.
Skryf ‘n kort haikoe oor jou indruk / ervaring in die grot.

## **Hoofstuk 12** Bl. 65-71

Die volgende oggend word Daniel voor die grot se bek wakker. Hy besef dat dit nie sal help om na Zara en die wolf te soek nie en soek die pad terug na Malgas se huis toe. Toe hy verby die plek kom waar Caitlin en Gertjie oor die afgrond geval het, sien hy die blaaie van ’n boek in die wind wapper. Hy besef dit is Caitlin se sketsboek wat sy die vorige dag verloor het en klim ondertoe om dit te red. By die kliphuis gekom, is Malgas nie daar nie, maar wel duidelike tekens dat Koot en sy manne na Daniel kom soek het. Daniel besef sy vriend is oor hom in die moeilikheid en besluit om plaas toe te gaan sodat hy Caitlin se sketsboek kan teruggee. Hopelik vergewe sy hom en kan hy so sy vriende uit die verknorsing red. Gelukkig kry hy ’n geleentheid toe ’n man met ’n perdewa verbykom. Toe Daniel by die plaashuis kom, is Gertjie net besig om Caitlin by die voordeur uit te stoot. Die donkerkop se gesig vertrek van woede toe sy hom sien en sy beskuldig hom daarvan dat hy haar sketsboek gesteel het.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| disselboom | ’n Paal wat vorentoe uitloop vanaf die onderstel van ’n wa of kar en waarlangs ’n trekdier ingespan word om te trek. |
| watermeul | Meule wat deur ’n waterwiel aangedryf word. |
| witgekalk | Verfstof waarmee die mure van huise afgewit word. |
| gewels | Die versierde boonste gedeelte van ’n muur. |
| kweperlat | ’n Lat gesny van ’n kweperboom, gewoonlik buigsaam en taai, waarmee lyfstraf toegedien is. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Toe Daniel wakker word is Zara en haar wolf steeds weg. Watter twee opsies kom by hom op wat hulle verdwyning sal verklaar? | (2)[2] |
| 2 | Dink jy die wolf het Daniel aspris na die kranse gelok? Motiveer. | (3)[1] |
| 3 | Wat sien Daniel toe hy afkyk? | (1)[1] |
| 4 | Gee TWEE redes waarom Daniel besluit om sy lewe te waag en die sketsboek in die hande te kry. | (2)[2] |
| 5.1 | Wat tref hy aan toe hy weer by Malgas se kliphuis aankom? (Wat besef hy?) | (2)[2] |
| 5.2 | Wat lei hy daaruit af? | (1)[2] |
| 6 | Daniel ken nie die area nie en weet nie waar Robert Stanford se plaas is nie. Watter plan beraam hy om daar uit te kom? | (1)[3] |

| | | |
|---|---|---|
| 7 | Hoekom stel dit wat die man op die wa vir Daniel van Caitlin vertel, hom nie gerus nie? | (1)[2] |
| 8 | Hoe reageer Caitlin toe sy hom met haar sketsboek in die hand sien? | (1)[1] |
| | Totaal | {14} |

**Verrykingsopdrag:**

Skryf die brief wat Caitlin vir een van haar familielede sou skryf oor haar wedervaringe die vorige dag en haar vermoedens omtrent Daniel.
OF
Skryf die brief wat Daniel vir William sou skryf om hom te vertel van sy eienaardige ervarings die vorige dag, hoe hy die sketsboek in die hande gekry het en hoekom hy moeite doen om dit vir Caitlin te neem.

## **Hoofstuk 13** Bl. 72-76

Die hoofstuk begin waar Koot Daniel by die skuur instamp en hy Malgas binne aantref. Malgas se hande is vasgebind en hy het duidelik 'n loesing weg. Na 'n ruk hoor hulle voetstappe nader kom en besef dat die boer terug is van Hermanuspietersfontein. Nou gaan hy sekerlik met hulle kom afreken. Hulle hoor ook hoe Gertjie vir Robert Stanford probeer verduidelik dat hulle onskuldig is en Caitlin se lewe gered het. Dit klink nie of hy haar glo nie en toe hy die skuur se deur oopsluit, voorspel die donker uitdrukking op sy gesig niks goeds nie.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| lyf vetsmeer | Jou regmaak vir iets onaangenaams. Jou lyf vetsmeer beteken jy staal jou vir fisiese mishandeling. |
| twakasem | Asem wat na rookgoed ruik |
| heuningtee | https://groenvingers.blogspot.com/2016/11/heuningtee.html<br>'n Soort kruietee. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | In watter penarie bevind Daniel hom aan die begin van die hoofstuk? | (1)[1] |
| 1.2 | Beskryf waarom dit nie aangenaam is nie. | (1)[2] |
| 2 | Hoekom dink jy vererg Koot hom vir Daniel? | (2)[3] |
| 3 | Wat doen Koot met Daniel? | (3)[2] |
| 4 | Daniel sien dat Malgas ook in die skuur is. Beskryf hoe hy lyk. | (2)[2] |
| 5.1 | Waarom wil Malgas nie uit die skuur ontsnap nie? | (1)[3] |
| 5.2 | Wat vertel dit jou van sy karakter? | (1)[3] |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | Verduidelik waarom dit so baie vir Daniel beteken dat Malgas geëerd voel om sy vriend te wees. | (2)[2] |
| 7 | Wat probeer Gertjie doen voor Robert Stanford die skuur se deur oopsluit? | (1)[3] |
| 8 | Wat dink jy gaan Robert Stanford nou doen? | (1)[4] |
| | Totaal | {15} |

**Verrykingsopdrag**:

Hou ‘n klasdebat oor lystraf en alternatiewe strafmetodes.

## **Hoofstuk 14** Bl. 77-83

Robert Stanford is geskok toe hy sien hoe Malgas mishandel is en sny die toue om sy polse los. Duidelik het hy na Gertjie geluister en maak wat sy hom vertel het sin. Hy vra Malgas om verskoning en bied aan dat Koot hom terugneem Skulpiesbaai toe. Hy vergewe ook Daniel se diefstal, maar vra dat Daniel in ruil hiervoor op die plaas in sy meule moet werk. Dan kan hy ook vir Gertjie met Caitlin se rolstoel help. Daniel probeer hom uit die verknorsing wikkel, maar die boer neem aan dat hy by die reëling inval, en sê hulle moet kombuis toe waar daar nog kos van die middagete oor is. Gertjie wag hulle by die agterdeur in. Nadat Malgas vertrek het, gaan wys sy vir Daniel die stoepkamer waar hy gaan slaap. Daniel kom agter dat Gertjie van hom hou. Hy kyk deur die venster en sien ’n begraafplaas teen die heuwel aan die oorkant van die rivier. Toe hy Gertjie daarna uitvra, sê sy dat Caitlin se ma daar begrawe is. Die sonlig val op een van die grafstene en Daniel ril.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| perkepitvloer | ’n Vloer wat bestaan uit perskepitte wat in ’n basis van klei gedruk en dan glad gemaak is. Die vloere was gewild omdat dit glad was en nie so stowwerig nie en is gewoonlik in voorkamers gebruik. Misvloere, sommige met blompatrone, was die algemeenste. Vloere van klei en osbloed en vet is ook in party huise gebruik. |
| melkdoek | ’n Dun kaasdoek waardeur melk gegooi is om van onsuiwerhede ontslae te raak. Die doek is ook soms oor die melkhouer gegooi om vlieë ens. uit te hou. |
| karmenaatjie | ’n Geskenk bestaande uit tuisgemaakte lekkernye soos beskuit of ’n kooksel konfyt en/of vleisgeregte. |
| sifkas | ’n Kas met ’n sifdeur of wat met sifdraad bedek is waarin bederfbare produkte soos vleis gebêre is om koel en buite bereik van vlieë en diere te bly. |

| | |
|---|---|
| treppie | ’n Treppie of ’n trepkarretjie is ’n klein karretjie wat deur een trekdier – perd, muil of donkie – getrek is. Kinders het dikwels daarmee skooltoe gery. |
| wastafel | In dae toe huise nog nie badkamers gehad het nie, is het die wastafel die plek van die huidige wasbak ingeneem. Dit is in die slaapkamer gebruik. |
| seepkis | Kis waarin seepstene verpak is. |
| lampetbeker | ’n Waterbeker wat dikwels as deel van ’n stel saam met ’n waskom, seepbakkie en kamerpot op die wastafel in die slaapkamer gebruik is. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hoe reageer Robert Stanford toe hy sien hoe Malgas mishandel is? | (1)[2] |
| 1.2 | Wat vertel dit jou van sy ware karakter | (1)[3] |
| 2.1 | Wat is die eerste ding wat Malgas vir Robert Stanford vra? | (1)[2] |
| 2.2 | Wat verklap dit van sy gevoelens teenoor Gertjie? | (1)[3] |
| 3 | Wat sê die boer vir Daniel? | (3)[1] |
| 4 | Daniel se reaksie daarop wissel van verlig tot bekommerd. Verduidelik waarom. | (3)[2] |
| 5 | Wat kry Daniel en Malgas om te eet in die kombuis ? | (3)[1] |
| 6.1 | Hoekom dink Daniel dat Gertjie dalk van hom hou? | (3)[2] |
| 6.2 | Hoe voel hy daaroor? | (2)[4] |
| 7.1 | Wat sien Daniel deur sy kamer se venster? | (1)[2] |
| 7.2 | Hoe voel hy daaroor? | (1)[3] |
| | Totaal | {20} |

**Verrykingsopdrag:**

Lees weer watter kos Daniel en Malgas in die kombuis gekry het. Verbeel jou dis aan jou wat daardie kos voorgesit word. Beskryf elkeen van die kossoorte, asook die smaak daarvan in fyn besonderhede – probeer soveel moontlik van jou sintuie betrek.

## **Hoofstuk 15** Bl. 84-89

Daniel word in die buitekamer wakker en skrik toe hy besef dat hy verslaap het. Toe hy stoep langs kombuis toe loop, kom daar stemme deur ’n venster. Dis Robert Stanford en Caitlin wat stry. Caitlin beskuldig haar oom daarvan dat hy Daniel in diens geneem het om haar te vermoor. Aan sy stemtoon is dit duidelik dat haar aantyging die boer moedeloos maak. In die kombuis tref Daniel vir ant Sara, Gertjie se ma, aan. Die vriendelike vroutjie gesels land en sand terwyl sy ontbyt bedien. Sy gee ook vir Daniel ’n velsakkie wat glo vroeër die oggend deur ’n ou vrou afgelewer is. Op ’n stukkie seebamboes is die woorde *vir trane* geskryf en Daniel besef dat dit kruie is wat van Zara af kom. Gertjie kom sê dat dit tyd is vir Caitlin se oggenduitstappie. ’n Suur Caitlin wag hulle op die stoep in en dring daarop aan dat

Daniel haar begraafplaas toe stoot. Toe hulle by die drif kom, besef Daniel Caitlin het vir hom ’n strik gestel.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| es | Vuurmaakplek. |
| koffiesak | ‘n Los, handgemaakte sakkie wat d.m.v. ’n draadring onder die deksel van ’n koffiekan pas. Gemaalde koffie word in die sakkie geplaas en kookwater ingegooi. Wanneer die koffie geskink word, bly die moer in die sakkie agter. |
| goewernante | Huisonderwyseres, verantwoordelik vir opvoeding en onderrig van die kinders in ’n gesin. |
| blouseep | Tuisgemaakte seep met wit en blou vlekke. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Watter geluid maak Daniel wakker? | (1)[1] |
| 2 | Hoekom voel hy verleë toe hy die klere op die stoel sien en besef dat Gertjie in sy kamer was terwyl hy geslaap het? | (1)[2] |
| 3.1 | Wie se stemme hoor Daniel toe hy verby die eetkamer se venster loop? | (1)[1] |
| 3.2 | In watter bui sou jy sê is elkeen van die twee persone? | (2)[3] |
| 3.3 | Hoekom dink jy so? | (2)[4] |
| 4 | Hoekom voel dit vir Daniel of die warm brood in sy keel vassit? | (2)[3] |
| 5 | Wie is ant Sara? | (1)[3] |
| 6.1 | Wat is in die sakkie wat ant Sara vir Daniel gee? | (1)[1] |
| 6.2 | Wie dink hy is die ou vrou wat dit vroegoggend plaas toe gebring het? | (1)[3] |
| 7.1 | Wat wil Daniel doen toe hy Caitlin op die stoep sien? | (1)[2] |
| 7.2 | Hoekom voel hy so? | (1)[3] |
| 8 | Caitlin wil na die begraafplaas toe gaan. Hoe voel Gertjie daaroor? Verduidelik jou antwoord. | (2)[3,5] |
| | Totaal | {16} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Caitlin se woede speel ‘n belangrike rol  in hierdie hoofstuk. Verbeel jou jy is in Caitlin se skoene voor die uitstappie die oggend. Jy is alleen in jou kamer en blaas stoom af voor die spieël en beplan om Daniël terug te kry. Rolspel hierdie situasie – hoe en wat sou jy uiter en hoe sou jou gesig en lyf saamspeel?

## **Hoofstuk 16** Bl. 90-95

Die drif is besig om af te kom en daar is nie ’n manier dat Daniel Caitlin daardeur kan stoot nie. Gertjie probeer tussenbeide kom, maar Caitlin jaag haar terug huis toe. Die pêrelhangertjie om Caitlin se nek glinster in die son. Terwyl hy daarna kyk, voel Daniel meteens dapper en roekeloos en hy trap Caitlin uit. Hy kom egter tot sy sinne, en toe sy vra dat hy haar deur die drif dra, doen hy dit om die vrede te bewaar. By haar ma se graf laat hy haar ’n rukkie alleen. Toe hy terugkom, vertel sy hom dat die Seevrou haar ma gevat het. Sy begin huil en dit val hom by van Zara se kruie “vir trane” wat nog in sy broeksak is. Toe hy dit vir Caitlin gee, beskuldig sy hom dat dit gif is, maar drink dit tog. Dit laat haar beter voel. Sy vra dat hy haar huis toe dra en raak in sy arms aan die slaap. By die huis wag Gertjie hulle in en sy wys vir Daniel waar Caitlin se kamer is. Voor hy uit die kamer loop, val sy oog weer op die hangertjie om haar nek. Haar oë gaan oop en sy smeek hom om haar te help voor die Seevrou haar ook kry en doodmaak.

**Woordverklaring:**

| | |
|---|---|
| hardekwas | astrant. hardkoppig. |
| hemelbed (four poster) | Bed met hoë bedstyle wat soms ook met draperings verfraai is. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hoekom kan Daniel nie vir Caitlin tot by die begraafplaas stoot nie? | (2)[2] |
| 2 | Wat stel Gertjie voor wat hulle eerder moet doen? | (2)[2] |
| 3 | Verduidelik hoekom Daniel skielik die moed kry om Caitlin te konfronteer. | (2)[3] |
| 4.1 | Wat ruik Daniel toe hy vir Caitlin optel? | (1)[1] |
| 4.2 | Hoe laat dit hom voel? | (1)[3] |
| 5 | Wat staan op Caitlin se ma se grafsteen geskryf? | (2)[2] |
| 6 | Wat laat Daniel onthou van die botteltjie met kruie in sy broeksak? | (2)[2] |
| 7 | Hoe reageer Caitlin op die kruie wat hy vir haar gee om te drink? | (3)[2] |
| 8 | Wat sê Caitlin net toe Daniel uit haar kamer wil loop? | (2)[2] |
| | Totaal | {17} |

<u>**Verrykingsopdrag:**</u>

Raak kreatief; kies een van die onderstaande titels en skryf ‘n oorspronklike opstel daaroor:

- Seevrou
- Die pêrelhangertjie
- Vrede
- Die glinstering

## **Hoofstuk 17** Bl. 96-100

Buite in die gang praat Daniel en Gertjie oor die hangertjie en Gertjie vertel hom dat Caitlin se ma dit een stormnag van ’n strandjutter – wat die juwele wat hy buitgemaak het by die plaashuis kom smous het – gekoop het. Toe sy dood is, het Caitlin dit van haar nek afgehaal en van toe af dra die donkerkop dit dag en nag. Malgas daag op met vis en terwyl hy en Gertjie kombuis toe gaan, stap Daniel op die plaas rond. Hy kom op ’n rondawel vol skilderye af wat hy besef Caitlin s’n moet wees. Hy sien al die doeke is met swart verf besmeer, maar iets voel vreemd, so asof daar iets onder die swart verf is wat skree om uit te kom. Terwyl hy nog daarna kyk, hoor hy hoe Gertjie en Malgas na hom roep.

**Woordverklarings**

| | |
|---|---|
| drenkeling | Iemand wat in die water beland en die gevaar loop om te verdrink. |
| beenaf | verlief |
| blinklywe | visse |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gertjie was bang Daniel wou weer die pêrels steel. Hoekom was Daniel bang? | (1)[1] |
| 2 | Waarom kyk Gertjie oor haar skouer toe sy begin om die storie van die pêrelhangertjie te vertel? | (1)[3] |
| 3.1 | Waar was die familie daardie stormnag? | (1)[2] |
| 3.2 | Wat was mevrou Eloisa besig om te doen? | (1)[2] |
| 4 | Robert Stanford het die deur oopgemaak toe iemand klop. Wie het hulle gedink is dit? | (1)[4] |
| 5 | Wat is ’n strandjutter? | (2)[2] |
| 6 | Waar het die hangertjie moontlik vandaan gekom? | (1)[1] |
| 7 | Waarom dink jy wil Gertjie nie vertel wat met Caitlin se ma gebeur het nie? | (1)[4] |
| 8 | Wat dink jy het Malgas op die plaas kom doen? | (1)[2] |
| 9 | Hoekom is Gertjie teleurgesteld toe Daniel nie wil saamgaan kombuis toe nie? | (1)[5] |
| 10.1 | By watter interessante plek op die plaas kom Daniel uit? | (1)[2] |
| 10.2 | Wat tref hy daar aan? | (1)[2] |
| 11 | Wat is vreemd aan die doeke wat Caitlin skilder? | (2)[3] |
| | Totaal | {15} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Hou groepsbesprekings in die klas oor die volgende:
Dis reg om goed wat jy optel, vir jouself toe te eien.

## **Hoofstuk 18** Bl 101-105

Gertjie en Malgas is op soek na Daniel. Caitlin het bygekom en nadat sy by haar oom was, wil Robert Stanford hom spreek. Vas oortuig dat hy diep in die moeilikheid is, klop Daniel aan die deur van die boer se studeerkamer. Tot sy verbasing bedank Robert Stanford hom egter. Dit lyk of Daniel se geselskap ’n positiewe invloed op Caitlin het. Robert Stanford vertel van die ongeluk wat Caitlin met haar perd, Storm, gehad het en smeek Daniel om langer aan te bly en voltyds na haar te help omsien. Daniel skrik vir die voorstel, maar stem in toe die boer hom ’n goeie aanbod maak. Voor hy uit die studeerkamer stap, hoor hy ’n wolf in die verte huil.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| oppasser | Vroeër jare mag tienerseuns en dogters nie saamgekuier het nie, tensy daar ’n oppasser by was om ’n oog oor hulle te hou. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Waarom dink Daniel soek Robert Stanford na hom? | (2)[3] |
| 2.1 | Hoe voel Daniel terwyl hy na Robert Stanford se studeerkamer stap? | (1)[1] |
| 2.2 | Hoe besluit hy om die situasie te hanteer? | (1)[1] |
| 3 | As jy langs Daniel op die Oosterse tapyt gestaan en die boer dopgehou het, wat sou jy verwag het gaan hy sê? | (1)[3] |
| 4 | Waarom dink Robert Stanford dat Caitlin hom haat? Noem TWEE dinge. | (2)[2] |
| 5 | Dink jy Robert Stanford is ’n goeie of ’n slegte mens? Verduidelik. | (3)[2] |
| 6.1 | Hoekom dink Daniel dat dit nie gaan uitwerk om vir Caitlin op te pas nie? | (3)[2] |
| 6.2 | Wat is sy verskoning waarom hy nie kan bly nie? | (1)[2] |
| 7 | Wat bied die boer Daniel aan in ruil vir sy dienste? | (2)[2] |
| 8 | Waarom besluit Daniel om in te stem? | (1)[1] |
| 9 | Terwyl Daniel Robert Stanford se hand skud, hoor hy die roep van die strandwolf. | |
| 9.1 | Hoe laat dit jou voel? | (1)[5] |
| 9.2 | Dink jy dit voorspel goeie of slegte dinge vir Daniel? | (1)[5] |
| | Totaal | {19} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Verbeel jou dat hierdie situasie tussen Caitlin en haar oom in die hede afgespeel het en jy is haar oom Robert. Robert weet nie meer hoe om dinge te hanteer nie en skryf ’n brief aan ’n tydskrif se probleemhoekie (“agony aunt”) om raad te vra.

Skryf nou óf Robert se brief, óf die raad op sy brief wat in die tydskrif verskyn.

## **Hoofstuk 19** Bl. 106-112

Later, toe Daniel by die kombuistafel aansit vir middagete, sluit Caitlin by hom aan. Tot sy verligting is sy vriendelik, maar hy skrik toe sy hom na ete beveel om haar na die perdestalle te neem. Gertjie wil saamgaan, maar Caitlin dring daarop aan dat Daniel haar alleen neem. By die stalle gekom, lyk Storm, Caitlin se merrie, eers bly om Caitlin te sien. Toe sy egter die boonste knopies van haar bloes losmaak, omdat dit warm is, is daar skielik ’n flits. Die perd skrik en steier agteruit. Caitlin is duidelik ontsteld en vra Daniel om haar huis toe te dra. Hy los haar by Gertjie in die kombuis en terwyl hy die rolstoel gaan haal, probeer hy uitpluis waarom die perd so vreemd opgetree het.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| etensklokkie | Vroeër jare het die gesin driemaal per dag by die etenstafel aangesit. Wanneer die maaltyd gereed was, is ’n klokkie gelui. Ook om die aandag van die bediende in die kombuis te trek wanneer iemand iets nodig gehad het. |
| opskepskottels | Geregte is in skottels geskep wat op die etenstafel gekom het. |
| slaphakskeentjies | Soet-suur mosterd-uieslaai. Hier is ’n resep: https://maroelamedia.co.za/kos/bykosse/resep-slaphakskeentjies/ |
| kappie | Meisies het moeite gedoen om hul velle teen die son te beskerm en het kappies gedra wanneer hulle uitgaan. |
| Met die helm gebore | Iemand wat die toekoms kon voorspel, is met die helm gebore. Lees hier hoekom dit so genoem is: https://blogs.litnet.co.za/louisna/2012/03/15/met-die-helm-gebore/ |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Waarom jaag Gertjie vir Daniel aan? | (1)[1] |
| 2 | Hoekom dink jy laat Gertjie die skeplepel val toe dit klink of Caitlin tevrede is met die dag se spyskaart? | (1)[3] |
| 3 | Hoekom wil Daniel nie saam met die boer en sy niggie in die eetkamer eet nie? | (1)[3] |
| 4.1 | Hoe voel Daniel toe Caitlin saam met hom by die kombuistafel wil eet? | (3)[2] |
| 4.2 | Wat doen hy? | (1)[1] |
| 5 | Wat wil Gertjie gaan haal toe Caitlin na ete nie vir ’n middagslapie wil gaan nie? | (1)[1] |
| 6 | Waarom is Daniel verbaas toe Caitlin vra hy moet haar na die perdestalle stoot? | (2)[3] |
| 7 | Watter twee dinge doen Caitlin wat vir ons wys dat sy warm kry? | (2)[3] |
| 8 | Hoekom dink jy het Storm so heftig reageer toe Daniel vir Caitlin nader stoot? | (2)[4] |
| 9.1 | Hoe dink jy het Daniel aan die begin van die storie oor Caitlin gevoel? | (1)[3] |

| | | |
|---|---|---|
| 9.2 | Hoe voel hy nou oor haar? | (2)[3] |
| | Totaal | {16] |

**Verrykingsopdrag:**

Perde is baie fynbesnaarde, intuïtiewe diere. Verbeel jou dat Caitlin 'n leerder aan jou skool is. Skryf vir jou skoolkoerant 'n berig oor Caitlin se ongeluk.

## **Hoofstuk 20** Bl. 113-117

Daniel word wakker van 'n nare droom. Hy hoor iemand gil en besef dis Caitlin. Hy hardloop na haar kamer. Caitlin is in haar bed en dit lyk of sy 'n nagmerrie het. Toe Daniel haar wakker maak, vertel sy hom van die Seevrou. Sy wil haar skilder, maar die Seevrou steek haar gesig weg. Die swart skilderdoeke maak nou vir Daniel sin en hy wil vir Caitlin help. Hy besef dat Zara dalk die antwoorde het en sê vir Caitlin dat hy vir 'n dag of twee gaan weg wees. Net voor hy deur die venster klim, vang die pêrel in die hangertjie om haar nek weer sy oog.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| dolk | Kort steekwapen met skerp lem. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | In Daniel se droom voel dit of sy ledemate stuk-stuk afval. Aan wie se woorde/lewensverhaal aan die begin van die storie herinner dit jou? | (3)[3] |
| 2 | Wie se stem hoor Daniel in sy droom? | (1)[1] |
| 3 | Wat doen Daniel toe hy wakker word, maar nog steeds die gille hoor? | (2)[2] |
| 4 | Verduidelik wat die swart doeke in Caitlin se ateljee beteken. | (2)[3] |
| 5 | Waarom voel Daniel skielik skaam toe hy Caitlin vashou om haar te troos? | (1)[3] |
| 6 | Daniel besluit om weg te gaan. Na wie dink jy wil hy gaan soek? | (1)[4] |
| 7.1 | Wat gebeur aan die einde van die hoofstuk wat Daniel aan die perd se vreemde optrede laat dink? | (1)[2] |
| 7.2 | Wat is sy gevolgtrekking? | (2)[3] |
| | Totaal | {13} |

**Verrykingsopdrag:**

Groepswerk: Bring 'n prent/ foto van 'n skildery van 'n persoon/ persone wie se gesig(te) nie sigbaar is nie. Probeer in jul groep uitpluis/ interpreteer watter emosie die skilder in die skildery vasgevang het en wat julle dink met die skildery uitgebeeld word.

## **Hoofstuk 21** Bl. 118-123

Die volgende oggend kies Daniel koers Skulpiesbaai toe. Langs die pad loop hy in Gertjie vas en dit lyk of sy haar vervies toe hy haar vertel wat sy plan is. Malgas is bly om hom te sien en nooi hom saam om te gaan water haal. Terwyl hulle langs die see loop, gesels hulle oor die legende van die Vlieënde Hollander en vertel Daniel vir Malgas wat met sy pa gebeur het. Hulle praat oor al die skepe wat aan die kus vergaan het en Malgas vertel vir hom dat daar glo ook ’n skeepswrak op Skulpiesbaai se bodem lê. Toe Daniel dit hoor, voel hy skielik koud.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| balie | ‘n Kuip of vat wat gebruik is om water en ander vloeistowwe in te bêre. |
| Wildeganse (Egyptian Goose) | In hierdie geval praat Malgas van kolganse. https://af.wikipedia.org/wiki/Kolgans |
| fluitjiesriet | Plante wat inheems is aan Suid-Afrika en aan die kus en in die binneland voorkom. Dit het ’n hol stam waarvan fluitjies gemaak is. https://af.wikipedia.org/wiki/Fluitjiesriet |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daniel voel vies vir homself toe hy wakker word. Hoekom? | (1)[2] |
| 2 | Hoekom dink jy loop Gertjie met ’n stywe rug weg toe sy hoor Daniel gaan Skulpiesbaai toe? | (1)[5] |
| 3.1 | Hoe reageer Malgas toe hy hoor Daniel wil vir Caitlin probeer help? | (1)(2) |
| 3.2 | Dink hy Daniel sal dit regkry? Motiveer. | (1)(2) |
| 4 | Daniel se bene is moeg, maar hy besluit nogtans om saam met Malgas te gaan water haal. Hoekom? | (1)[3] |
| 5.1 | Hulle kom by nog ’n baai met ’n watergat uit. Wat is die watergat se naam? | (1)[1] |
| 5.2 | Hoekom word dit so genoem? | (1)[3] |
| 6 | Watter legende vertel Malgas hom terwyl hulle oor die stil see uitkyk? | (2)[2] |
| 7.1 | Daniel voel koud toe hy van Skulpiesbaai se wrak hoor. Hoe voel jy as leser daaroor? | (1)[4] |
| 7.2 | Hoekom vermoed jy dit gaan nog vorentoe speel? | (1)[4] |
| | Totaal | {12} |

<u>**Verrykingsopdrag:**</u>

Gaan doen navorsing oor ‘n skeepswrak/ opspraakwekkende skeepsongeluk. Kom vertel dit mondelings aan die klas.

Of:

Een van die groot probleme is besoedeling agv ‘n skip wat op die rotse loop of vergaan. Kom vertel die klas daarvan, meld ook wat gedoen kan word /behoort  gedoen te word om die besoedeling te beperk.

## **Hoofstuk 22** Bl. 124-127

Die nag sluip Daniel uit die huis op soek na Zara. Op die strand kom hy op ’n pers botteltjie af waarin daar ’n blink vloeistof is. Toe hy die prop afhaal, kry hy die geur van lotusblomme en is dit of hy sy pa se hand op sy skouer voel. Hy hoor sy pa se stem, en toe, skielik, is hy weer alleen. Toe hy opkyk, sien hy ’n liggie flikker. Dit is Zara wat op en af langs die strand loop, amper asof sy iets soek. Tot sy verbasing kom die strandwolf uit die branders en volg haar. Daniel roep agterna, maar sy klap haar hande en verdwyn. Toe Daniel oor die baai uitkyk, lyk die water onheilspellend en swart, nes een van Caitlin se skilderye.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| Stormlantern (hurricane lantern) | ’n Olielantern waar die vlammetjie deur glas beskerm is, sodat dit buite gebruik kon word. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel staan in die nag op. Na wie wil hy gaan soek? | (1)[3] |
| 1.2 | Hoekom wil hy nie vir Malgas saamnooi nie? | (1)[3] |
| 2 | Beskryf hoe Daniel voel terwyl hy deur die donker Melkhoutbos loop. | (3)[2] |
| 3.1 | Op die strand kom Daniel op ’n botteltjie af. Hoe lyk en ruik dit? | (3)[3] |
| 3.2 | Wat dink hy is daarin? | (1)[3] |
| 3.3 | Wat ervaar Daniel toe hy die geur inasem? | (1)[2] |
| 3.4 | Dink jy hy verbeel hom? Motiveer. | (2)[4] |
| 4.1 | Wat sê Daniel vir sy pa? | (2)[2] |
| 4.2 | Wat is sy pa se antwoord? | (1)[1] |
| 5 | Noem TWEE dinge wat Daniel sien toe hy uiteindelik uitgehuil is en opkyk. | (2)[3] |
| 6 | Wat is Zara besig om te doen? | (3)[1] |
| 7 | Wat het uit die see te voorskyn gekom? | (1)[1] |
| 8 | Die donker see laat Daniel aan Caitlin se skilderye dink. Is die stelling waar of onwaar? Motiveer. | (3)[3] |
| | Totaal | {24} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Skryf slegs die inleidings- en slotparagraaf van ‘n opstel met enige van die volgende titels:

- ‘n Botteltjie pers vloeistof
- Die geur van lotusblomme
- Strandwolf uit die branders

## **Hoofstuk** 23 Bl. 128-133

Die volgende oggend kry Malgas vir Daniel waar hy nog op die strand sit. Daniel vra vir Malgas uit oor Skulpiesbaai se skeepswrak en kom agter dat Malgas nie regtig glo dit bestaan nie. Alles wat die nag gebeur het toe die skip gestrand het, is baie geheimsinnig. Toe Malgas op die water uit is, besluit Daniel om af te duik en te kyk of hy die wrak kry. Eers is daar niks, maar dan kom hy af op die wrak van ’n seilskip. Die ergste is dat die skip vol geraamtes is, almal met hul hande bokant hulle koppe vasgemaak. Net een geraamte lyk anders. Hy is aan die skip se mas vasgemaak en hy het nie hande nie. Daniel haas om na die oppervlakte waar nog ’n skok op hom wag toe hy iemand in die water sien dryf.

**Woordverklarings**:

| | |
|---|---|
| boeg | Die voorste deel van ‘n skip. |
| boegbeeld | ’n Borsbeeld of ander versiering aan die voorkant van ’n skip. |
| romp | Die hoofgedeelte van ’n skip, vliegtuig ens. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Wat is die eerste ding waarvan Daniel praat toe Malgas op hom afkom? | (2)[1] |
| 2 | Malgas huiwer toe Daniel hom uitvra na Skulpiesbaai se wrak. Hoekom? | (1)[2] |
| 3 | Wat het volgens Malgas veroorsaak dat die skip gesink het? | (1)[2] |
| 4 | Die volgende dag was daar geen lyke op die strand nie. Daar was net een bewysstuk dat daar wel ’n skip vergaan het. Wat was die bewysstuk? | (1)[1] |
| 5.1 | Hoekom sê Malgas is dit gevaarlik om in Skulpiesbaai te duik? | (1)[3] |
| 5.2 | Waarom dink jy steur Daniel hom nie aan hierdie waarskuwing nie? | (1)[4] |
| 6 | Terwyl Daniel duik, hoor hy ’n geluid wat op gevaar dui. Hy sien ook iets vreemds. Meld die TWEE dinge. | (2)[1] |
| 7.1 | Daniel kom op die boegbeeld af. Hoe lyk dit? | (2)[1] |
| 7.2 | Waaraan herinner dit jou? | (1)[3] |
| 8 | Daniel kom ook op geraamtes af. Die een geraamte is aan die mas vasgemaak. Wat is ’n moontlike rede waarom die geraamte nie hande het nie? | (1)[5] |
| | Totaal | {13} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

Die gevaar van haaie word in hierdie hoofstuk genoem. Skryf ‘n berenerende opstel oor die uitwissing (al dan nie) van haaie aan die Suid-Afrikaans kusgebiede.

## **Hoofstuk 24** Bl. 134-140

Die drenkeling in die water is Caitlin! Met Malgas se hulp kom sy in die boot. Malgas probeer haar bybring terwyl Daniel land toe roei. ʼn Spokerige mis kom op en dit lyk asof dit die bootjie wil insluk. Gelukkig kom Caitlin by en bereik hulle die strand veilig. Hulle haas hulle na die kliphuis en is verbaas om Gertjie daar aan te tref. Gertjie is geskok toe sy sien in watter toestand Caitlin is, aangesien sy haar vroeër die dag in haar rolstoel onder ʼn melkhoutboom gelos het. Nadat sy Caitlin versorg het, gaan sy buitentoe waar die seuns wag. Malgas is woedend omdat die meisies na sy huis gekom het, maar Gertjie verduidelik dat hulle met Robert Stanford se toestemming kom piekniek hou het. Koot het hulle gebring en sal hulle later kom haal. Gertjie verduidelik dat Caitlin sedert haar ma se dood nie kan wegbly van die see nie. Daar word vermoed dat haar ma selfmoord gepleeg het en Gertjie dink Caitlin voel skuldig oor ʼn rusie wat hulle kort voor die tragedie gehad het. Daniel se gedagtes dwaal na die skeepswrak en die geraamte sonder hande aan die mas. Skielik onthou hy dat oom Faan vertel het dat sy pa aan ʼn skeepsmas opgehang is nadat hy die juwele gesteel het. En diewe se hande word dikwels afgekap ...

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| redekawel | Argumenteer. Stry. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel kom op ʼn drenkeling af. Wie is dit? | (1)[2] |
| 1.2 | Waarom is dit so vreemd? | (2)[3] |
| 2.1 | Benoem die beeldspraak wat voorkom in die volgende aanhaling: "*Ons moet net hoop dit sluk ons nie in nie, anders sal ons nie kan sien waarheen om te roei nie."* | (1)[3] |
| 2.2 | Verklaar die aanhaling. | (1)[3] |
| 3.1 | Hoe reageer Malgas toe hy hoor Caitlin en Gertjie het by sy huis kom piekniek hou? | (1)[2] |
| 3.2 | Hoekom reageer hy so? | (1)[3] |
| 4 | Hoekom is Caitlin se stem so rou? | (3)[3] |
| 5 | Waarmee is Gertjie besig toe die seuns vir Caitlin by die kliphuis indra? | (1)[2] |
| 6 | Gertjie vertel hoe Caitlin se ma dood is. Verduidelik waarom Caitlin gedink het dit is haar skuld. | (1)[3] |
| 7.1 | Daniel dink weer oor die skeepswrak waarop hy afgekom het. Watter skip dink hy was dit? | (1)[3] |
| 7.2 | Waarom dink hy het dit so naby die kus gevaar? | (2)[3] |

| | | |
|---|---|---|
| 8 | Tot watter vreeslike gevolgtrekking kom Daniel toe hy terugdink aan die geraamte sonder hande waarop hy afgekom het? | (2)[3] |
| | Totaal | {17} |

**Verrykingsopdrag:**

Diefstal is tot onlangs in sekere Arabiese lande gestraf deur die afkap van ‘n hand/ albei. Hedendaagse tronke is ook oorvol van diewe. Hou ‘n klasbespreking oor waarom so baie diefstal plaasvind en moontlike alternatiewe strafmaatreëls/ prosesse wat eerder ingestel kan word, waarmee sulke persone dan ook gerehabiliteer kan word.

## **Hoofstuk 25** Bl 141-146

Malgas nooi vir Gertjie om ’n entjie te gaan stap. Daniel gaan binnetoe en gaan sit langs die slapende Caitlin. Toe sy wakker word, vertel sy hom dat sy onder ‘n boom wou wag omdat sy die skuit kon sien en gedink het Daniel is saam met Malgas. Terwyl sy gewag het dat hulle moet uitkom, het ’n vreemde mis om haar gevou. Die volgende wat sy weet, het sy in die skuit wakker geword. Sy vra Daniel om haar weer see toe te neem en hy dra haar deur die melkhoutbos tot op die sand. Terwyl hulle sit en gesels, vertel Daniel haar dat hy tot by Skulpiesbaai se wrak geduik het en dat hy dink dit was ’n slaweskip. Hy vertel ook van die geraamte aan die mas en van sy nare vermoede dat dit sy pa is. Caitlin is van mening dat ’n slaweskip nie juis die plek is waar ’n mens skatte sou verwag nie. En as daar was, sou dit uitgespoel het en sou strandjutters dit opgetel het. Dadelik wonder Daniel of Caitin se hangertjie nie van die skip afkom nie. Hulle praat nog so, toe die onheilspellende mis weer uit die see opstaan. ’n Beeldskone meisie kom uit die mis. Waar haar hart moet wees, is daar net ’n polsende gat. Voor hulle oë verander sy in ’n afskuwelike geraamte. Sy steek haar kloue uit en dit lyk of sy Caitlin wil verskeur.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| uitblaker | uitlap |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Watter guns vra Malgas vir Daniel? | (1)[1] |
| 2 | Wat is Daniel bang gaan gebeur as Gertjie vir Malgas vertel dat sy eintlik van hom, Daniel, hou? | (1)[2] |
| 3.1 | Hoe lyk Caitlin vir Daniel waar sy op Malgas se matras lê en slaap? | (1)[1] |
| 3.2 | Hoe voel Daniel toe hy haar so sien? | (1)[2] |
| 4 | Hoekom gaan Koot nie opdaag om Caitlin en Gertjie te kom haal soos afgespreek is nie? | (2)[1] |
| 5.1 | Waarheen vra Caitlin moet Daniel haar neem? | (1)[1] |
| 5.2 | Hoekom wil sy soontoe gaan? | (1)[2] |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | Daniel vertel vir Caitlin oor die slaweskip en van sy pa se diefstal. Waarom laat dit hom aan haar hangertjie dink? | (2)[3] |
| 7.1 | Beskryf die figuur wat uit die newels verskyn: hoe lyk sy toe Daniel haar die eerste keer sien? | (2)[3] |
| 7.2 | Hoe lyk sy wanneer sy voor sy oë verander? | (1)[3] |
| | Totaal | {13} |

**Verrykingsopdrag:**

Slawepraktyke is baie jare lank wêreldwyd gepleeg. Alhoewl dit deesdae verbode is, vind mensehandel steeds plaas. Skryf ‘n radio-onderhoud aangaande mensehandel, wat dan ook kan dien om bewustheid daarvan, veral onder tieners, te skep

## **Hoofstuk 26** Bl. 147-152

Daniel beskerm Caitlin met sy eie liggaam en die Seevrou verdwyn. Caitlin besef dat die vrou haar wou doodmaak, maar nie vir Daniel leed wou aandoen nie. Terwyl hulle daaroor praat, besef Daniel dat die Seevrou agter Caitlin se hangertjie aan is. Toe hy dit vir Caitlin sê, weier sy ontsteld om daarvan afstand te doen. Sy beskuldig Daniel weer dat hy dit wil steel en roep na Malgas en Gertjie om haar te kom help. Daniel bly alleen op die strand agter. Weereens is hy diep in die moeilikheid. Dan gewaar hy ’n lig en sien dis Zara en die strandwolf. Hy gaan nader en deur prente wat in die vlamme in haar handpalms verskyn, vertel Zara vir hom wat met sy pa gebeur het: *Tussen die ander slawe op die skip waar Daniel se pa skeepsdokter was, was Siti, ‘n beeldskone eilandprinses. Geskok het Daniel se pa gesien hoe sy van haar juwele gestroop en verneder is. Toe sy dood is, het Daniel se pa haar juwele uit die kaptein se kluis gesteel en haar daarmee versier. Toe het hy haar lyk in ’n seil toegerol en haar oorboord gegooi. Hy is gevang en wreed tereggestel. Net daarna het ’n storm opgesteek en het die skip in Skulpiesbaai op die rotse geloop. Zara, Siti se oppasser, het oorleef en in die grotte geskuil vanwaar sy en haar strandwolf haar meesteres se watergraf opgepas het.* Die beelde in Zara se hande word vaag en sy en haar strandwolf verdwyn.

**Woordverklarings**:

| | |
|---|---|
| tirade | uitbarsting |
| omgekom | gesterf |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Wat is Caitlin se teorie waarom die Seevrou nie vir Caitlin doodgemaak het nie? | (1)[4] |

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | En wat dink jy is die rede? | (1)[4] |
| 2.1 | Wat lei Daniel af van die gat in die plek waar die Seevrou se hart moet wees? | (2)[2] |
| 2.2 | Wat is Caitlin se reaksie daarop? | (3)[3] |
| 3 | Wie daag op om vir Caitlin te kom haal? | (2)[2] |
| 4.1 | Wat gaan deur Daniel se gedagtes toe hy alleen op die sand agterbly: Waarvoor is hy bang? | (1)[2] |
| 4.2 | Wat beplan hy om te doen? | (1)[2] |
| 5 | Watter figure trek sy aandag 'n entjie verder op die strand? | (2)[2] |
| 6 | Waaraan herinner die wolf Daniel? | (1)[1] |
| 7 | Hoe lyk Zara se gesig in die lig van die vlamme in haar hande? | (1)[1] |
| 8 | Vertel in een sin watter storie die prente in die vlamme vir Daniel wys? | (1)[1] |
| 9 | Wat het Daniel se pa vir prinses Siti gedoen nadat sy dood is? | (3)[2] |
| 10 | Wat sê Zara vir Daniel toe sy sy hande in hare neem? | (2)[1] |
| 11.1 | Wat sien Daniel in sy eie handpalms? | (2)[2] |
| 11.2 | Wat dink jy het gebeur? | (1)[2] |
| | Totaal | {23} |

**Verrykingsopdrag:**

Zara beskik duidelik oor bonatuurlike magte, onthutsende aanvoelings, puik kruiekennis en helende krag. Skryf 'n advertensie vir haar dienste wat in die media sou verskyn het as sy vandag geleef het.

## **Hoofstuk 27** Bl. 153-160

Daniel besluit om te doen wat reg is en Siti se hangertjie vir haar terug te gee, al beteken dit hy gaan Caitlin verloor en Robert Stanford hom gaan vervolg. Hy sluip die kliphuis binne en steel die hangertjie van die slapende Caitlin se nek. Caitlin word egter wakker en sê sy wil saamgaan. Hulle roei met Malgas se skuit tot bo waar die skeepswrak is. Toe sit hulle die hangertjie saam in die water. 'n Helder lig kring oor die see. Daar is 'n sagte uitroep. En toe is die hangertjie weg. In die stilte daarna is dit vir Daniel of hy sy pa se stem hoor wat sê hoe trots hy op hom is. Caitlin vertel weer dat sy gehoor het hoe haar ma haar gerusstel en sê dat haar dood nie Caitlin se skuld was nie. Die dag breek. Hulle roei terug land toe, maar Daniel besef dat hy in groot moeilikheid is toe hy Robert Stanford en sy manne op die strand sien. Tot sy verbasing staan Caitlin egter op van haar sitplek en besef hy dat sy weer kan loop. Die storie eindig gelukkig met Malgas en Gertjie wat bymekaar uitkom en Daniel wat op Kleinriviervallei gaan bly en ook later vir dokter gaan leer. Toe hy vir oulaas oor die baai uitkyk, sien hy hoe Zara en haar strandwolf in die branders verdwyn. Ook hulle is uiteindelik vry.

**Woordverklarings:**

| | |
|---|---|
| slenter | Skelmstreek . Met ’n skelm plan vang. |

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Waarom is Daniel so kwaad vir sy pa? | (1)[2] |
| 2 | Watter ooreenkoms is daar tussen prinses Siti en ouma Sakira se ervarings? | (2)[2] |
| 3.1 | Watter plan kom skielik in Daniel se kop op? | (1)[1] |
| 3.2 | Noem redes waarom sy eie plan hom bangmaak. | (2)[2] |
| 4 | Om sy plan uit te voer gaan hy vir Caitlin seermaak, nogtans druk hy deur. Waarom? | (2)[2] |
| 5 | Wat gebeur toe Daniel met die hangertjie in sy hand deur toe loop? | (1)[1] |
| 6 | Watter plan maak Daniel om naby die skeepswrak te kom? | (2)[3] |
| 7 | Wat gebeur toe Daniel en Caitlin die hangertjie oor die water hou? | (3)[1] |
| 8.1 | Wat dink Daniel het hy gehoor? | (2)[1] |
| 8.2 | Wat het Caitlin gehoor? | (2)[1] |
| 9.1 | Terwyl Daniel en Caitlin in die bootjie dobber, kom daar ’n mis op. Hoe verskil dit van die vorige mis? | (2)[3] |
| 9.2 | Wat vertel dit vir jou? | (1)[3] |
| 10 | Wat sien Daniel gebeur met Malgas en Gertjie op die strand? | (2)[2] |
| 11.1 | Wat doen Caitlin toe hy haar nie strand toe wil dra nie? | (1)[2] |
| 11.2 | Daniel en Caitlin het verskillende verklarings vir wat gebeur het. Verduidelik. | (2)[4] |
| 11.3 | Wie van die twee dink jy is reg? Motiveer. | (2)[4] |
| 12 | Verduidelik volledig wat Daniel se lewensvooruitsigte van nou af gaan wees. | (5)[3] |
| 1336 | Terwyl Daniel vir oulaas kyk na waar Zara en Zultan se spore in die sand verdwyn het, dink hy daaraan dat hulle ook nou vry is. En Daniel self: waarvan dink jy het hy ook vry geword? | (3)[4] |
| | Totaal | {36} |

**<u>Verrykingsopdrag:</u>**

‘n Kind se beeld/ ervaring van ‘n ouer kan ‘n lewenslange invloed op sy/haar lewe hê, soos in Daniel en Caitlin se geval.

Skryf ‘n paragraaf oor enige van jou ouers se invloed/ gebrek daaraan op jou lewe.

## ANTWOORDE OP KONTEKSTUELE VRAE

### Hoofstuk 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Simonstad (√) | (1) |
| 1.2 | "... (weerkaats die oggendson goud) teen die mure van die modderhuisie aan die voet van Swartkopberg." (√) "Teruggaan Simonstad toe." (√) | (2) |
| 2.1 | Daniel wil iets vir sy oom sê, wat hy weet sy oom gaan kwaad maak. (√) | (1) |
| 2.2 | Daniel se tante doen wasgoed vir die matrose(√) en hy het dit gaan haal. (√) | (2) |
| 3.1 | Ant Luitjie is ontsteld omdat daar so min wasgoed is. (√) | (1) |
| 3.2 | Dit vertel ons dat hulle 'n arm is. (√) | (1) |
| 4.1 | Oom Faan wil hê Daniel moet teruggaan om te steel. (√) | (1) |
| 4.2 | Hulle het kos nodig(√) en oom Faan soek drank. (√) | (2) |
| 4.3 | Daniel wil nie meer steel nie. (√) Hy wil sy lewe verander sodat sy oorlede pa trots op hom kan wees. (√) | (2) |
| 4.4 | Hy is **eerlik** en wil reg lewe/ **vasberadenheid** om te begin reg lewe(√) | (1) |
| 5 | Daniel het nie daarvan geweet nie (√) en is baie geskok (√) | (2) |
| 6.1 | Oom Faan se figuur verskyn. (√) | (1) |
| 6.2 | Hy is 'n slordige (√) dronklap (√) | (2) |
| 6.3 | Daniel is bang vir hom omdat hy Daniel van kleins af mishandel. (√) | (1) |
| 7 | Misvloer (√). Ysterkatel (√) | (2) |
| | Totaal | {20} |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

### Hoofstuk 2

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel sien 'n seilskip nader kom (√) | (1) |
| 1.2 | Hy wonder hoe dit aan die anderkant van die Valsbaai lyk. (√) | (1) |
| 2 | Daniel en William het mekaar is Simonstad se strate ontmoet terwyl William sy ma se eiers gesmous het(√) en Daniel moes bedel en steel. (√) | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Daniel is ’n weeskind wat ’n moeilike lewe by sy oom en tante het. (√). William is die kind van slawe, maar hy is lid van ’n gelukkige, hegte gesin. (√) | (2) |
| 4.1 | William was bly dat Daniel die moed gehad het. (√) | (1) |
| 4.2 | Hy moedig Daniel aan om iets van sy lewe te maak eerder as om slaansak vir sy oom te speel. (√) | (1) |
| 5 | Ouma Sakira is William se ouma (√) en sy was ’n slavin. (√) | (2) |
| 6 | “My hart breek elke keer as sy ons daarvan vertel.” (√) | (1) |
| 7 | William se huis is ’n vriendelike plek en daar is altyd vars vis op die tafel. (√) | (1) |
| 8 | Blasgesig het by die mense van Simonstad gehoor dat Daniel ’n dief is. (√) | (1) |
| 9 | ’n Deftige man, (Robert Stanford) (√), ’n donkerkopmeisie in ’n rolstoel (Caitlin) (√) en ’n diensmeisie (Gertjie) (√). | (3) |
| 10 | Caitlin is bitsig en dit lyk of sy hom verag (√). Gertjie lyk vriendelik en jammer oor Caitlin se gedrag (√). | (2) |
| | Daniel sien die pêrelhangetjie om Caitlin se nek (√) en is in die versoeking om dit te steel. | (1) |
| | Hy het besluit om nie meer te steel nie, maar nou is hy haweloos en die geld kan hom help om ’n nuwe lewe te begin. (√) | (1) |
| | Totaal | {20} |

**Hoofstuk 3**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daniel is bekommerd oor die hangertjie wat hy gesteel het. (√) | (1) |
| 2.1 | Ouma Sakira se man is op die slawemark aan ‘n ander eienaar verkoop(√) en sy het hom nooit weer gesien nie. (√) | (2) |
| 2.2 | Haar nuwe tuiste was aaklig(√) en het ouma Sakira bang laat voel. (√) | (2) |
| 2.3 | Sy het haar land verloor, haar familie, haar vryheid en haar naam. Enige 2 (√) (√) | (2) |
| 2.4 | Sy het moed gehou toe sy agterkom sy verwag ’n baba. (√) | (1) |
| 3 | Ja, Umpella is tevrede met die lewe wat hulle geskep het. (√) Hy vang vis, hulle het ’n **veilige huis**, **kos om te eet** en ’n liefdevolle gesin. (√)(√) | (3) |
| 4.1 | Die boer se naam is Robert Stanford (√) | (1) |
| 4.2 | Hy boer langs die Kleinrivier. (√) | (1) |
| | Totaal | {15} |

**Hoofstuk 4**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | William weet daar is iets wat Daniel moet gaan doen en hy wil hom juis aanmoedig om deur te druk. (√) | (1) |
| 2 | Daniel voel bang dat iemand hom gaan sien(√) en is jammer vir homself (√). | (2) |
| 3.1 | Blasgesig(√) | (1) |
| 3.2 | Hy is smoordronk (√). | (1) |
| 4.1 | Daniel word in die groentekis op Robert Stanford se seilboot wakker (√). | (1) |
| 4.2 | Hy oorweeg dit om te probeer om terug land toe te swem (√). | (1) |
| 5 | Uit die gesprek lei Daniel af dat Caitlin ’n moeilike mens is (√). | (1) |
| | Totaal | {8} |

**Hoofstuk 5**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel is bang. (√) | (1) |
| 1.2 | Hy erken dat hy die hangertjie gevat het. (√) Hy gee dit terug(√)en vra om verskoning. (√) | (3) |
| 1.3 | Hy is dapper / het die moed om die regte ding te doen. (√) | (1) |
| 2 | Gertjie het ’n sagte hart. (√) (Sy raak liggies aan Daniel se hand asof sy hom jammer kry (√)) (Sy is ook bang vir Caitlin. (√) (Haar hande bewe toe sy die hangertjie om Caitlin se nek vasmaak. (√)) | (4) |
| 3 | Sy beskuldig Daniel daarvan dat hy jok. (√) | (1) |
| 4.1 | Robert Stanford lyk of hy hoofpyn gaan kry (√)en sug ook swaar (√)Hy lyk moedeloos. (√) | (3) |
| 4.2 | Hy loop weg voor Daniel gestraf word,(√)asof hy dit nie goedkeur nie en nie wil sien nie. (√) | (2) |
| 5.1 | Toe Daniel na die hangertjie kyk, pols daar ’n vreemde krag deur sy spiere. (√) Hy ruk los uit die mans se greep en hardloop weg. (√) | (2) |
| 5.2 | Daniel se vreemde optrede en gewaarwording (√)laat die leser vermoed dat die hangertjie wel oor een of ander krag beskik. (√) | (2) |
| 6 | Melkhoutwoud (√). Kalkrand (√) Blombosse (√) | (3) |
| 7.1 | Hy spring oor die krans. (√) | (1) |
| 7.2 | Dit is nie ’n goeie besluit nie, (√)aangesien dit gevaarlik is, want branders slaan onder teen die ruwe rotse vas. (√) | (2) |
| | Totaal | {25} |

**Hoofstuk 6**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Lang hare vee oor sy gesig (√) en hy ruik lotsublomme. (√) | (2) |
| 2 | Skulp. (√) Voetspoor. (√) Stukkie materiaal. (√) | (3) |
| 3 | Hoor bloedstollende geluid. (√). Sien harige figuur van wolf (√) Hoor meisiestem roep. (√) | (3) |
| 4.1 | Hy ruik gebraaide vis. (√) | (1) |
| 4.2 | Dit laat hom aan Betiegi se huis dink. (√) | (1) |
| 5.1 | Hy was bang Koot en sy manne kom op hom af. (√) | (1) |
| 5.2 | Eie antw wat leerder sou doen(√) | (1) |
| 6 | Daniel voel jaloers omdat Malgas tuis lyk in sy eie lyf en in sy omgewing (√) terwyl Daniel op daardie oomblik onseker van homself en verdwaal voel. (√) | (2) |
| 7 | Nee. (√)Daniel was bang omdat dit vir hom gevoel het rooi oë hou hom dop. (√) | (2) |
| 8 | Daar was ’n uitdrukking van skrik of vrees in Malgas se oë. (√) | (1) |
| | Totaal | {17} |

**Hoofstuk 7**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Malgas het die huis met sy eie hande gebou (√) en die kliphuis lyk beter as die ander vissers se modderhuisies. (√) | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 2 | Daniel wil so laag as moontlik lê om te verhoed dat hy opgespoor word en in die moeilikheid kom. (√) Hoe minder Malgas dus van hom weet, hoe beter. (√) | (2) |
| 3 | Malgas waarsku hom om uit Caitlin se pad te bly. (√) | (1) |
| 4 | Omdat Gertjie se pa net dogters gehad het, (√) het hy die laaste een na homself vernoem.(√) | (2) |
| 5 | "… dis genoeg om te weet daai meisiemens is niemand se maat nie." (√) | (1) |
| 6 | Daniel wil teruggaan Simonstad toe, (√) maar sonder geld gaan hy nie ver kom nie. (√) | (2) |
| 7 | Malgas bied aan om te probeer om vir hom 'n geleentheid met 'n togwa te kry. (√) | (1) |
| 8.1 | Terwyl hulle praat, kom die suidoos (wind) op. (√) | (1) |
| 8.2 | Hy wil in die nag (√) gaan visvang. (√)/ Die sterre gaan lig verskaf as hy visvang. | (2) |
| 9.1 | Daniel dink hy sien 'n harige gedierte met rooi oë. (√) | (1) |
| 9.2 | Dit laat hom aan die wolf dink. (√) | (1) |
| 10 | Personifikasie. (√) | (1) |
| | Totaal | {17} |

**Hoofstuk 8**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Malgas het dus reeds vuur gemaak(√) en is al uit om vis te vang. (√) | (2) |
| 2 | Roosterkoek. (√) Varkvet. (√) Heuning. (√) | (3) |
| 3 | Hy is senuagtig om weg te kom van Skulpiesbaai, (√)maar met Koot en Caitlin op sy spoor moet hy geduldig wees. (√) | (2) |
| 4 | Daniel voel vasgevang in die kliphuis / soek net 'n verskoning om uit te kom. (√) | (1) |
| 5 | Hy wil weet waarheen die wolf gaan. (√) | (1) |
| 6 | Die krui maak enige wond binne agt uur gesond, i.p.v. agt dae. (√) | (1) |
| 7 | Hy gaan dit nodig kry vir pyn. (√) | (1) |
| | Totaal | {12} |

**Hoofstuk 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel het nie na hom geluister nie (√)en het buite gaan rondloop. (√) | (2) |
| 1.2 | Hy is bang iemand kom agter dat hy aan Daniel skuiling gee(√) en hy daarom in die moeilikheid gaan kom. (√) | (2) |
| 2 | Die een storie sê dat Zara as dogtertjie 'n skipbreukeling was en dat die wolf haar grootgemaak het. (√) OF<br>Die ander storie lui dat sy self met volmaan in 'n strandwolf verander en aas op die ellende van die mense wat in skeepsrampe omgekom het. (√) | (1) |
| 3 | Malgas lei aan hoogtevrees. (√) | (1) |
| 4 | Daniel het gereeld saam met William gaan bergklim (√)en weet presies wat om te doen. (√) | (1) |
| 5 | Die laaste persoon in wie Daniel nou wil vasloop is Caitlin. (√) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| | Totaal | {10} |

**Hoofstuk 10**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Laat in die oggend of vroegmiddag (√) | (1) |
| 1.2 | Die son bak al warm (√) | (1) |
| 2.1 | Gertjie wil die stompe warm maak en dit om Cailtlin pak. (√) | (1) |
| 2.2 | Vandag sou ’n mens ’n warmwatersak gebruik. (√) | (1) |
| 3 | As Caitlin vir Daniel sien, gaan hy en Malgas in die moeilikheid beland. (√) | (1) |
| 4 | Daniel is bang dat Malgas afgeransel gaan word (√) of in die tronk gaan beland en so alles verloor waarvoor hy so hard gewerk het. (√) | (2) |
| 5 | Dis toe Gertjie opmerk hoe baie pyn Caitlin het, dat dit Daniel byval van die kruietakkies wat Zara vir hom gegee het. | (1) |
| 6 | Gertjie sê dat die naarste mense die meeste liefde nodig het. (√) | (1) |
| 7.1 | Caitlin het geweet haar oom sal nie sy toestemming gee dat sy see toe kom nie. (√) | (1) |
| 7.2 | Caitlin wou die see kom teken. (√) | (1) |
| 8 | Eie antwoord. (√) | (1) |
| | Totaal | {13} |

**Hoofstuk 11**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hy dink dat Caitlin hom gesien het. ( √) | (1) |
| 1.2 | Sy gaan vir hom en Malgas moeilikheid maak. ( √) | (1) |
| 2.1 | Daniel word van ’n onheilspellende teenwoordigheid bewus. ( √) | (1) |
| 2.2 | Hy hoor ‘’n geluid soos ’n dier wat asemhaal ( √) en ruik ’n aardse, wilde reuk. ( √) | (2) |
| 3.1 | Daniel is skielik kwaad. ( √) | (1) |
| 3.2 | Eie antwoord. ( √) | (1) |
| 4 | Eie antwoord en motivering ( √√) | (2) |
| 5.1 | wit blombosse | (1) |
| 5.2 | Dit lyk of die wit blombosse gloei (√) en so vir Daniel die pad wys. | (1) |
| 6.1 | Daniel kom op ’n grot af ( √) | (1) |
| 6.2 | Dit lei hom tot by Zara en haar wolf. ( √) | (1) |
| 7 | Zara weet regtig iets van Daniel se pa. ( √) Uit die manier hoe sy na Daniel se hande kyk en van die skip praat, kan die leser aflei dat sy weet dat hy ’n skeepsdokter was. (√) | (2) |
| | Totaal | {15} |

**Hoofstuk 12**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hulle is of getoor (√) of hy het hom alles verbeel en hulle was nooit daar nie. (√) | (2) |
| 2 | Aan die manier wat die wolf verskyn en verdwyn, (√) en hom selfs waarsku toe hy naby die afgrond is, (√) kan die leser aflei dat die wolf Daniel doelbewus na die kranse gelok het. (√) | (3) |
| 3 | Daniel sien Caitlin se dagboek. (√) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 4 | Hy hoop dit sal help om Gertjie uit die moeilikheid te kry (√) en dat dit sal maak dat sy hom kans gee om te verduidelik van die pêrelhangertjie. (√) | (2) |
| 5.1 | Malgas is nie meer daar nie, (√) maar iemand anders – waarskynlik Koot – het duidelik die huis intussen deursoek. (√) | (2) |
| 5.2 | Hy lei af dat Malgas in die moeilikheid is. (√) | (1) |
| 6 | Daniel besluit om die spore van die donkiekar te volg. (√) | (1) |
| 7 | Die man praat ook van hoe moeilik Caitlin is. (√) | (1) |
| 8 | Caitlin beskuldig hom dadelik dat hy haar sketsboek gesteel het. (√) | (1) |
| | Totaal | {14} |

**Hoofstuk 13**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel bevind hom in Koot se ystergreep. (√) | (1) |
| 1.2 | Daniel is bang en ervaar fisiese pyn. (√) | (1) |
| 2 | Koot is bang vir Robert Stanford omdat hy weet hy het verkeerd opgetree het deur Caitlin see toe te neem. (√) | (1) |
| 3 | Koot gee Daniel ’n klap teen die agterkop (√) en stamp hom oor die stoor se drumpel sodat hy neus eerste in die stof ploeg. (√) | (2) |
| 4 | Malgas is met toue vasgebind. (√) Daar is ’n blou kol oor sy linkeroog (√) en sy bolip is geswel. (√) | (3) |
| 5.1 | Malgas wil vir niemand weghardloop nie. | (1) |
| 5.2 | Dit wys dat hy dapper is /sy man kan staan. (√) | (1) |
| 6 | Daniel en William was vriende, maar William het hom jammer gekry. (√) Nou voel dit vir hom asof Malgas hom respekteer (nie net bejammer nie).(√) | (2) |
| 7 | Gertjie probeer die boer oortuig dat die seuns net wou help.(√)/ Hulle het Caitlin se lewe gered en Daniel het sy lewe gewaag om haar sketsboek vir haar te gaan haal. | (1) |
| 8 | Eie antwoord. (√) | (1) |
| | Totaal | {15} |

**Hoofstuk 14**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Robert Stanford lyk geskok toe hy sien hoe Malgas geslaan is. (√) | (1) |
| 1.2 | Dit dui daarop dat hy ’n regverdige man is. (√) | (1) |
| 2.1 | Malgas vra dat die boer nie vir Gertjie moet straf nie. (√) | (1) |
| 2.2 | Dit wys weereens hoe baie hy vir haar omgee. (√) | (1) |
| 3 | Robert Stanford sê vir Daniel dat hy ’n nuwe kans verdien omdat hy sy fout probeer regmaak het. (√) Hy skeld hom sy vry, (√) maar vra dat hy vir hom op die plaas kom werk. (√) | (3) |
| 4 | Daniel is verlig om vry te wees, (√) maar sien nie kans om so naby Caitlin te bly nie. (√) Met haar moeilike geaardheid, voorspel dit niks goeds nie. (√) | (3) |
| 5 | Skaapboud met braaiaartappels. (√) Pampoenkoekie. (√) Souskluitjies met kaneel. (√) | (3) |
| 6.1 | Gertjie bloos(√) en laat sak haar wimpers (√)toe sy vir Daniel sê sy is bly hy is op die plaas. (√) | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 6.2 | Dit laat Daniel ongemaklik voel (√)omdat hy weet hoe baie Malgas van haar hou. (√) | (2) |
| 7.1 | Hy sien die sonlig op ’n grafsteen weerkaats (√) | (1) |
| 7.2 | Dit laat hom ril. (√) | (1) |
| | Totaal | {20} |

**Hoofstuk 15**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hoenderhaan wat kraai. (√) | (1) |
| 2 | Daniel voel verleë omdat hy sonder klere slaap. (√) | (1) |
| 3.1 | Daniel hoor Caitlin en Robert Stanford se stemme. (√) | (1) |
| 3.2 | Caitlin is kwaad; (√) Robert is moedeloos (√) | (2) |
| 3.3 | Caitlin beskuldig haar oom dat hy haar wil doodmaak; (√) Robert skuif sy stoel agteruit, en klap die deur toe. (√) | (2) |
| 4 | Daniel is nie gewoond daaraan om bedien te word nie (√) en sien op daarteen om die dag in Caitlin se geselskap deur te bring. (√) | (2) |
| 5 | Gertjie se ma. (√) | (1) |
| 6.1 | Daar is ’n botteltjie in die sakkie en Daniel vermoed dis ’n kruiekonkoksie (√) | (1) |
| 6.2 | Zara | (1) |
| 7.1 | Daniel voel lus om weg te hardloop. (√) | (1) |
| 7.2 | Caitlin se suur gesig (√) | (1) |
| 8 | Gertjie dink duidelik nie dis ’n goeie plan nie. (√) Sy stel ‘n ander roete voor: dat hulle liewer verby die landerye loop. | (2) |
| | Totaal | {16} |

**Hoofstuk 16**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hulle moet deur ’n drif gaan (√) en na die reën loop die water te sterk. (√) | (2) |
| 2 | Gertjie stel voor dat hulle huis toe gaan waar sy Caitlin heunigtee en melktert kan geniet. (√)Daarna sal sy haar na die rondawel stoot om te skilder. (√) | (2) |
| 3 | Toe Daniel se oog die pêrel in Caitlin se hangertjie vang, (√) is hy skielik nie meer bang vir haar nie (√) en konfronteer haar. | (2) |
| 4.1 | Daniel ruik pronkertjies (√) | (1) |
| 4.2 | Hy geniet dit om Caitlin se kop teen sy skouer te voel. (√) | (1) |
| 5 | Caitlin se ma se naam: Frances Joynt. (√) En onder dit: Die see het haar gevat. (√) | (2) |
| 6 | Daniel onthou dat die botteltjie “vir trane”bedoel is (√) toe hy sien Caitlin huil. (√) | (2) |
| 7 | Caitlin beskuldig Daniel daarvan dat hy haar wil vergiftig, (√)maar drink dit tog(√) en voel soveel beter dat sy ophou huil. (√) | (3) |
| 8 | Caitlin sê dat die Seevrou haar ook roep. (√) Sy vra hy moet haar help voor die Seevrou haar doodmaak. (√) | (2) |
| | Totaal | {17} |

**Hoofstuk 17**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Dit het vir hom gevoel asof die pêrel met hom "praat". (√) | (1) |
| 2 | Dit lyk of sy bang is iemand luister hulle af. (√) | (1) |
| 3.1 | Die familie was in die voorkamer by die vuur (√) | (1) |
| 3.2 | Mevrou Eloisa was besig om op haar harp te speel. (√) | (1) |
| 4 | Hulle het gedink daar het dalk 'n skip gestrand en dat dit drenkelinge is wat hulp soek. (√) | (1) |
| 5 | 'n Strandjutter is iemand wat die strand fynkam nadat 'n skip vergaan het (√)om die goedere wat uitspoel te buit. (√) | (2) |
| 6 | Dit is moontlik dat die hangertjie van 'n gestrande skip afkomstig is. (√) | (1) |
| 7 | Gertjie wil nie daaroor praat nie, omdat haar oom nie daarvan hou nie. (√) | (1) |
| 8 | Malgas het vir Gertjie kom kuier. (√) (Die vis is net 'n verskoning) | (1) |
| 9 | Gertjie hou van Daniel en wil eerder saam met hom kuier as saam met Malgas. (√) | (1) |
| 10.1 | Daniel kom by Caitlin se rondawel uit (√) | (1) |
| 10.2 | Hy tref haar skilderye daar aan. (√) | (1) |
| 11 | Al die doeke is met swart verf besmeer, (√) maar dit voel of daar onder die verf iets is wat kerm om uit te kom. (√) | (2) |
| | Totaal | [15} |

**Hoofstuk 18**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Hy dink Caitlin het iets slegs van hom vir haar oom gesê (√)dus is hy in die moeilikheid (√) | (2) |
| 2.1 | Daniel is baie gespanne (√) | (1) |
| 2.2 | Hy dink dat dit nie sal help om homself te verdedig nie; hy dinge gaan vat soos dit kom. (√) | (1) |
| 3 | Eie antwoord. (√) | (1) |
| 4 | Caitlin is kwaad omdat Robert Stanford haar en haar broer en suster na Kleinriviervallei laat kom het. (√) Sy blameer hom vir haar ma se dood (√) en die ongeluk wat sy met die perd gehad het. (√) (Enige 2.) | (2) |
| 5 | Robert Stanford is eintlik 'n goeie mens. (√) Uit sy lyftaal en wat hy sê wys dit dat die slegte dinge wat gebeur, hom ontstel, (√) hy wil regtig die beste vir Caitlin hê /en keer dat sy familie uitmekaar geskeur word. (√) | (3) |
| 6.1 | Daniel sien nie kans om heeldag met Caitlin se buie saam te leef nie. (√) Hy is bang die kruie se effek werk uit en dat sy dan weer onaangenaam gaan wees. (√) Hy wil nie by die storie van die Seevrou betrokke raak nie. (√) | (3) |
| 6.2 | Sy verskoning is dat hy mense in Simonstad het na wie hy moet teruggaan. (√) | (1) |
| 7 | Hy bied hy hom 'n jaar se salaris (√) aan as hy 'n maand lank bly, asook gratis vervoer met sy boot terug Simonstad toe. (√) | (2) |
| 8 | Daniel wil Malgas en Gertjie graag beter leer ken. (√) | (1) |
| 9.1 | Die roep van die wolf skep 'n gevoel van naderende onheil by die leser. (√) | (1) |
| 9.2 | Slegte dinge (√) | (1) |
| | Totaal | {19} |

**Hoofstuk 19**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Dit is amper etenstyd en die boer wag al vir Daniel aan die etenstafel. (√) | (1) |
| 2 | Sy het verwag dat Caitlin soos gewoonlik gaan fout vind met die spyskaart. (√) | (1) |
| 3 | Die werkersklas het nie gewoonlik saam met die boer en sy gesin aan tafel geëet nie. | (1) |
| 4.1 | Daniel voel ongemaklik om saam met Caitlin te eet. (√) Sy hande en voete voel in die pad, (√) hy is bang sy slukderm gaan nie saamwerk nie(√) | (3) |
| 4.2 | Hy vroetel met die eetgerei. (√) | (1) |
| 5 | Gertjie gaan hulle kappies haal. (√) | (1) |
| 6 | Hy het gedink het Caitlin se perd is dood (√) en dat die besoek aan die perd net onaangename herinneringe gaan terugbring. (√) | (2) |
| 7 | Sy waai haar gesig koel met ’n waaier (√) en knoop haar bloes se boonste knopies oop. (√) | (2) |
| 8 | Storm het die hangertjie om Caitlin se nek gesien (vonk) (√) en die bonatuurlike aangevoel. (√) | (2) |
| 9.1 | Aanvanklik was Daniel bang vir Caitlin. (√) | (1) |
| 9.2 | Nou voel hy jammer vir haar(√) en begin selfs van haar hou. (√) | (2) |
| | Totaal | {16} |

**Hoofstuk 20:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daniel se droom herinner aan ouma Sakira(√) wat van alles gestroop is (√)toe sy as slaaf gevange geneem is. (√) | (3) |
| 2 | Zara se stem(√) | (1) |
| 3 | Hy hardloop uit sy kamer uit om te gaan kyk wat aangaan. (√) Toe hy hoor die gille kom uit Caitlin se kamer, klim hy deur haar oop venster in. (√) | (2) |
| 4 | Caitlin verduidelik dat sy die Seevrou probeer skilder, (√) maar nie kan sien hoe sy lyk nie. (√) | (2) |
| 5 | Hy het nie ’n hemp aan nie. (√) | (1) |
| 6 | Daniel wil na Zara gaan soek. (√) | (1) |
| 7.1 | Die pêrel om Caitlin se nek begin gloei, soos ’n sein wat hom wil waarsku. (√) | (1) |
| 7.2 | Dit laat Daniel wonder of Storm nie ook die pêrel sien glim het nie. (√)Dalk het die perd aangevoel dat dit iets boos is wat sy moet vernietig. (√) | (2) |
| | Totaal | {13} |

**Hoofstuk 21**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daniel is vies vir homself omdat hy verslaap het. (√) | (1) |
| 2 | Gertjie is jaloers omdat Daniel aan Caitlin aandag gee. | (1) |
| 3.1 | Hy sê vir Daniel Caitlin is boosaardig gebore. (√) | (1) |
| 3.2 | Nee, (√) hy dink niemand sal haar kan help/verander nie(√) | (2) |
| 4 | Daniel gaan saam, omdat hy wil wag tot dit donker is voor hy na Zara gaan soek. (√) | (1) |
| 5.1 | Dis Gansgat (√) | (1) |
| 5.2 | Dis so genoem omdat die wildeganse (kolganse) daarheen kom. (√) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | Malgas vertel van Die Vlieënde Hollander, (√) die spookskip van die vloekende kaptein Van der Decken. (√) | (2) |
| 7.1 | Eie mening | (1) |
| 7.2 | Die grillerige gevoel wat oor Daniel kom, berei die leser voor(is ‘n voorspooksel) dat die skeepswrak nog ’n rol in die storie gaan speel. (√) | (1) |
| | Totaal | {12} |

**Hoofstuk 22**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hy gaan Zara soek. (√) | (1) |
| 1.2 | Hy voel dis iets wat hy alleen moet doen. (√) | (1) |
| 2 | Daniel voel skrikkerig. (√) Dit voel vir hom of die bome oë het wat hom dophou (√) en of hy die geluide hoor van ’n skip wat teen die stormwind baklei. (√) | (3) |
| 3.1 | Die botteltjie is pers (√) en die inhoud gloei, amper asof daar sterre in die bottel is. (√) Dit ruik soos lotusblomme (√) | (3) |
| 3.2 | Daniel dink daar is ’n kruiekonkoksie van Zara in. (√) | (1) |
| 3.3 | Dit voel vir Daniel asof hy sy pa se hand op sy skouer voel. (√) | (1) |
| 3.4 | Eie mening (√)en motivering(√) | (2) |
| 4.1 | Daniel sê vir sy pa dat hy ’n dief is, (√) nes hy. (√) | (2) |
| 4.2 | Sy pa sê vir hom dat hy (’n mens) kan kies wie hy wil wees. (√) | (1) |
| 5 | Daniel sien ’n mis uit die see opkom en (√)’n liggie wat op die strand flikker. | (2) |
| 6 | Zara loop op en af langs die see. (√) Vlammetjies flikker in haar handpalms (√)en dit lyk of sy na iets soek of ’n sein uitstuur. (√) | (3) |
| 7 | Die strandwolf het uit die see gekom. (√) | (1) |
| 8 | Waar. (√)Die geheim wat Daniel moet ontrafel is onder die donker water van Skulpiesbaai begrawe. (√) Die leser kan dit aflei uit die vergelyking wat tussen die swart doeke en die swart water getref word. (√) | (3) |
| | Totaal | {24} |

**Hoofstuk 23**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daniel praat oor Skulpiesbaai se wrak. (√) | (1) |
| 2 | Dit het vier jaar gelede gebeur en Malgas het toe nog op die plaas gewoon. (√) Die mense praat nie juis daaroor nie (en hy weet nie eens of dit regtig gebeur het en of dit net ’n storie is nie. (√) | (2) |
| 3 | Daar was ‘n vreeslike windstorm. (√) | (1) |
| 4 | Al teken dat daar regtig ‘n skip gesink het was die boegbeeld wat die volgende oggend op die strand uitgespoel het. (√) | (1) |
| 5.1 | Malgas waarsku dat daar haaie in die see is. (√) | (1) |
| 5.2 | Daniel is vasberade om uit te vind wat aangaan. (√) | (1) |
| 6 | Daniel hoor ’n geluid soos die wind wat deur ’n seebamboes huil. (√) Hy sien ’n digte mis uit die seebodem opstyg. (√) | (2) |
| 7.1 | Die boegbeeld het die kop van ’n wolf (√)en die lyf van ’n vrou. (√) | (2) |
| 7.2 | Dit laat ’n mens aan Zara en haar strandwolf dink. (√) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 8 | In die ou dae is diewe se hande soms afgekap. (√) | (1) |
| | Totaal | {13} |

**Hoofstuk 24**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Daniel kom op Caitlin af. (√) | (1) |
| 1.2 | Dit is vreemd omdat sy nie kan loop nie(√) en dus nie vanself in die see kon beland nie. (√) | (2) |
| 2.1 | Personifikasie. (√) | (1) |
| 2.2 | Digte mis is besig om op hulle toe te sak. | (1) |
| 3.1 | Malgas is woedend(√) | (1) |
| 3.2 | Hy is bang om in Robert Stanford se slegte boeke te kom. (√) | (1) |
| 4 | Dis van die seewater wat sy gesluk het. (√) | (1) |
| 5 | Gertjie is besig om ’n piekniekmandjie uit te pak. (√) | (1) |
| 6 | Caitlin se ma het selfdood gepleeg. (√)Voor haar dood het sy en Caitlin oor iets gestry en nou verwyt Caitlin haarself. (√) | (2) |
| 7.1 | Daniel dink dit was ’n onwettige slaweskip. (√) | (1) |
| 7.2 | Dit het so naby die kus gevaar om die Britse Vloot te vermy. (√) | (1) |
| 8 | Daniel dink die geraamte was sy pa, (√)want hy is glo gehang oor diefstal (√) | (2) |
| | Totaal | {15} |

**Hoofstuk 25**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Malgas vra vir Daniel om by Caitlin te bly sodat hy en Gertjie ’n entjie kan gaan stap. (√) | (1) |
| 2 | Daniel is bang dit sal die vriendskap tussen hom en Malgas vernietig. (√) | (1) |
| 3.1 | Sy lyk weerloos.(√) | (1) |
| 3.2 | Dit krap sy gevoelens deurmekaar. (√) | (1) |
| 4 | Caitlin het vir Koot gesê hy moenie kom nie (√) en Koot is banger vir haar as vir Robert Stanford. (√) | (2) |
| 5.1 | Caitlin wil strand toe gaan (√) | (1) |
| 5.2 | Sy wil na die Seevrou te gaan soek. (√) | (1) |
| 6 | Toe Caitlin noem dat daar nie juis juwele op ’n slaweskip sou wees nie en, as daar was, dit uitgespoel en deur strandjutters gebuit sou wees, (√) het dit Daniel laat dink dat háár hangertjie vermoedelik deur ’n strandjutter opgetel is. (√) | (2) |
| 7.1 | Die meisie wat uit die mis verskyn en beeldskoon, (√) met lang gladde hare en ’n gat waar haar hart moet wees.(√) | (2) |
| 7.2 | Voor Daniel se oë verander sy in ’n aaklige geraamte. (√) | (1) |
| | Totaal | {13} |

**Hoofstuk 26**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Caitlin dink die Seevrou wou nie vir Daniel seermaak nie. (√) | (1) |
| 1.2 | Eie antwoord. (√) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Daniel dink dis omdat Caitlin se hangertjie vir die Seevrou iets kosbaars is (na aan haar hart was) (√) wat aan haar behoort het. (√) | (2) |
| 2.2 | Cailin is hewig ontsteld. (√)Dis al wat sy van haar ma oor het en sy weier om dit af te gee. (√) Sy beskuldig Daniel dat hy dit wil steel. (√) | (3) |
| 3 | Malgas en Gertjie. (√) | (2) |
| 4.1 | Daniel is bang Robert Stanford gaan hom vervolg (√) | (1) |
| 4.2 | Hy besluit hy moet vlug. (√) | (1) |
| 5 | Hy herken Zara (√) en haar strandwolf. (√) | (2) |
| 6 | Die wolf herinner Daniel aan die boegbeeld van Skulpiesbaai se wrak. (√) | (1) |
| 7 | Dit lyk of daar patrone op haar gesig geverf is. (√) | (1) |
| 8 | Die mense van 'n eiland word as slawe gevange geneem. (√) | (1) |
| 9 | Hy het haar klere en juwele aangetrek, (√) haar op die voorkop gesoen (√) en toe oorboord laat glip. (√) | (3) |
| 10 | Zara sê Daniel is al een wat kan besluit (√) of sy hande gaan gesond maak of gaan steel. (√) | (2) |
| 11.1 | Hy sien vlammetjies, net soos in Zara se handpalms. (√) | (1) |
| 11.2 | Zara het iets van haar eie krag aan hom toevertrou. (√) | (1) |
| | Totaal | {23} |

**Hoofstuk 27**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daniel is kwaad vir sy pa omdat sy besluit en optede gemaak het dat hulle alles verloor het – ook vir mekaar. (√) | (1) |
| 2 | Beide het alles (en almal) verloor (√) toe sy as slaaf weggevoer is. (√) | (2) |
| 3.1 | Daniel dink daaraan om die hangertjie te steel en vir Siti terug te gee. (√) | (1) |
| 3.2 | Dit maak hom bang, nie net omdat hy gestraf gaan word nie, (√) maar ook omdat hy Caitlin gaan seermaak. (√) | (2) |
| 4 | Daniel het besluit om te doen wat reg is, (√) al kos dit hom wat. (√) | (2) |
| 5 | Caitlin word wakker en wil saamgaan. (√) | (1) |
| 6 | Daniel besluit om Malgas se skuit te leen (√) en daarmee tot bokant die wrak te vaar. (√) | (2) |
| 7 | Daar is 'n lig van onder uit die see (√) en die water begin skommel. (√) Toe is daar 'n sagte sug en die hangertjie verdwyn. (√) | (3) |
| 8.1 | Daniel dink hy het sy pa se stem (√) gehoor wat sê hy is trots op hom. (√) | (2) |
| 8.2 | Caitlin het gehoor hoe haar ma sê (√) dat niks wat gebeur het, haar skuld is nie. (√) | (2) |
| 9.1 | Hierdie mis is sag en dromerig (√)anders as die ander mis wat donker en dreigend was. (√) | (2) |
| 9.2 | Dit suggereer dat die gevaar verby is. (√) | (1) |
| 10 | Daniel sien Robert Stanford en sy werkers is besig om Malgas gevange te neem. (√) Hy sien ook hoe Gertjie huil oor die moeilikheid waarin hulle verkeer. (√) | (2) |
| 11.1 | Caitlin staan op en wip uit die skuit. (√) | (1) |
| 11.2 | Sy beweer dis Daniel wat haar gesond gemaak het (√) en hy dink dis omdat sy nie meer al die haat en skuldgevoelens in haar omdra nie en dus vry geword het. (√) | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 11.3 | Eie antwoord en motivering. (√)(√) | (2) |
| 12 | Daniel gaan op Kleinkruisrivier bly (√) en saam met die ander kinders skoolgaan. (√) Later gaan hy vir dokter leer. (√) Hy gaan sakgeld verdien deur die boer te help om sy groente te verskeep (√) en so vir oom Faan en tant Luitjie sorg. (√) | (5) |
| 13 | Daniel is nou vry van die las dat hy, soos sy pa, net 'n dief is. (√) Hy was altyd dapper en het probeer doen wat reg is, maar hy het nooit in homself geglo nie./ Hy is deur sy oom en armoede gedwing om te steel, maar nou kan hy eerlike werk doen (√)en hoef vir niemand weg te hardloop nie. (√) | (3) |
| | Totaal | {36} |